



UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

100
1918 · 2018

forward together · saam vorentoe · masiye phambili

VERSLAG DEUR DIE VISEREKTOR: Leer en Onderrig



Professor Deresh Ramjugernath
November 2021

Inhoud

1.	Inleiding.....	3
2.	Organogram van die Verantwoordelikeheidsentrum: Leer en Onderrig	4
3.	Demografie en diensbillikheid binne die Verantwoordelikeheidsentrum.....	5
4.	Strategiese prioriteite binne die Verantwoordelikeheidsentrum	7
5.	Bykomende fokuspunte gedurende die verslagtydperk.....	9
6.	Beleidstukke	10
7.	Strategiese temas	12
7.1	'n Florerende Universiteit Stellenbosch	12
7.1.1	Leer- en Onderrigverryking.....	12
7.1.2	Studentesake	17
7.1.2.1	Sentrum vir Studentegemeenskappe	17
7.1.2.2	Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling	20
7.1.2.3	Sentrum vir Studenteleierskap, Ervaringgerigte Opvoeding en Burgerskap	21
7.1.3	Eenheid vir Gelykwaardigheid	23
7.2	'n Transformerende studente-ervaring	24
7.2.1	Leer- en Onderrigverryking.....	24
7.2.2	Studentesake	30
7.2.2.1	Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling	31
7.2.2.2	Sentrum vir Studenteleierskap, Ervaringgerigte Opvoeding en Burgerskap	32
7.2.2.3	Tygerberg Studentesake se Opeweek	37
7.2.3	Eenheid vir Gelykwaardigheid	37
7.3	Doelgerigte vennootskappe en inklusiewe netwerke	40
7.3.1	Leer- en Onderrigverryking.....	40
7.3.2	Eenheid vir Gelykwaardigheid	41
7.4	Genetwerkte en samewerkende onderrig	41
7.4.1	Leer- en Onderrigverryking.....	41
7.4.2	Studentesake	53
7.4.2.1	Sentrum vir Studenteleierskap, Ervaringgerigte Opvoeding en Burgerskap	53
7.4.3	Eenheid vir Gelykwaardigheid	53
7.5	Navorsing vir impak	54
7.5.1	Leer- en Onderrigverryking.....	54
7.5.2	Eenheid vir Gelykwaardigheid	56
7.6	Voorkeurwerkgewer.....	56
7.6.1	Leer- en Onderrigverryking.....	56
8.	Samevatting.....	59
9.	Bedankings	59

I. Inleiding

Dit is my voorreg en eer om my eerste jaarverslag oor die inisiatiewe en werksaamhede binne die Verantwoordelikeheidsentrum (VS): Leer en Onderrig aan die Senaat en die Raad voor te lê. My termyn as Viserektor: Leer en Onderrig (VR:L&O) aan die Universiteit Stellenbosch (US) het op 1 Januarie 2021 begin. Hierdie verslag dek die tydperk vandat ek my pligte opgeneem het tot op datum.

Dit was 'n uitdagende maar ook interessante tydsgewrig waarbinne 'n mens aan die begin van die jaar by 'n akademiese instelling te midde van 'n pandemie sou kon aansluit. Dit was ook die tyd waarin die 2020 akademiese jaar afgesluit en intensiewe beplanning vir die aanvang van die 2021 akademiese jaar gedoen is. 'n Bykomende faktor was dat my voorganger kort vantevore, in Oktober 2020, die proses om die Taalbeleid te hersien, geloods het en dat werk daaraan in alle erns in Januarie 2021 sou begin. Dit was 'n resep vir 'n uitdagende en opwindende eerste honderd dae in die pos. Ons kon die 2020 akademiese jaar met sukses, vanuit 'n leer-en-onderrigperspektief, afsluit en daarin slaag om die studente vir die 2021 akademiese jaar te laat terugkeer kampus toe. Gepaard daarmee het ons in ons onderrig en leer vanaf ERTLA (noodafstandsonderrig, leer en assessering) oorgeskakel na ARTLA (aangevulde afstandsonderrig, leer en assessering). Wat maklik in 'n uiters moeilike oorgangsfase kon ontaard het, is goed bestuur, met minimale ontwrigting aan die sisteem.


Die VS:L&O is geherstruktureer net voordat ek die pos opgeneem het. Die eerste gedeelte van

hierdie verslag sit die huidige organogram vir die VS uiteen, skets ons demografie en dui aan hoe ons vanuit die oogpunt van gelyke indiensneming vaar. Die strategiese prioriteite binne die VS word uiteengesit, met nuwe sleutelinisiatiewe daarby, en daarna word oor die VS se inisiatiewe en werksaamhede verslag gedoen aan die hand van die ses institusionele strategiese temas, naamlik (i) 'n florerende Universiteit Stellenbosch, (ii) 'n transformerende studente-ervaring, (iii) doelgerigte vennootskappe en inklusiewe netwerke, (iv) genetwerkte en samewerkende onderrig, (v) navorsing vir impak en (vi) voorkeurwerkgever. Ek verskaf ook 'n statusverslag oor institusionele beleide en reëls waarvan die VS die eienaar of kurator is.

Die US het die reputasie as 'n instelling wat besonder sterk op die gebied van leer en onderrig is, met een van die laagste uitvalkoerse en hoogste studentesukseskoerse onder die 26 universiteite in die land. Ek hoop dat hierdie verslag u insig gee in hoekom dit die geval is, asook in die stappe wat ons doen om te sorg dat ons ons status in hierdie verband nie net handhaaf nie, maar daarop verbeter.

2. Organogram van die Verantwoordelikeheidsentrum: Leer en Onderrig

Die huidige organogram vir die VS verskyn hier onder in Figuur 1. Die VS bestaan uit twee afdelings: Leer- en Onderrigverryking (ALOV), en Studentesake. 'n Senior Direkteur staan aan die stuur van elke afdeling: dr Antoinette van der Merwe (ALOV) en dr Choice Makhetha (Studentesake).




Figuur 1: Organogram van die VS van die VR:L&O, Junie 2021

Die Eenheid vir Gelykwaardigheid (EvG), wat vantevore onder die Sentrum vir Studentevoorigting en ontwikkeling (SSVO) geressorteer het, is in Junie 2021 herbelynd en doen nou regstreeks aan die VR:L&O verslag. Mnr Jaco Brink staan aan die hoof van die EvG. Die oogmerk van dié besluit was om te verseker dat die Eenheid se institusionele


status verhoog word, en om hoër prioriteit vanuit Raadsperspektief toe te ken aan die Eenheid se werksaamhede en die belangrike institusionele aangeleenthede wat hulle hanteer (bv. geslagsgeweld, teistering en diskriminasie, en MIV/vigs). Die Universiteitsgemeenskap het hierdie verhoogde status en herbelyning gunstig ontvang.

3. Demografie en diensbillikheid binne die Verantwoordelikhedsentrum


Die huidige demografie binne die VS word uitgebeeld aan die hand van verspreiding volgens ouderdom, posgraad/vlak, gender en ras. Die VS is ingestel op transformasie, waarvan demografie en gelyke indiensneming een komponent uitmaak.



Figuur 2: Bygewerkte personeelstatistiek vir primêre poste, September 2021



Figuur 3: Rasverspreiding per posvlak



Figuur 4: Personeelverspreiding volgens ras

4. Strategiese prioriteite binne die Verantwoordelikhedsentrum

Die VS se strategiese prioriteite, wat met die institusionele strategiese temas belyn is, is die volgende:

- inklusiwiteit en die skep van 'n verwelkomende omgewing vir studente;
- 'n transformerende en bemagtigende studente-ervaring;
- sosiale geregtigheid en menseregte;
- die bevordering van gehalteonderrig en leer in voortdurend vernude akademiese programme;
- professionaliteit in die onderrigrol, en beloning en erkenning; en
- die bevordering van 'n vakkundige leergerigte benadering tot onderrig.

Die Afdeling Studentesake is die werktuig waardeur die Universiteit daarna streef om 'n verwelkomende en ondersteunende omgewing te skep en bewustelik struikelblokke uit die weg te ruim sodat elke student kan slaag. Dit behels die volgende:

- toegang tot hoëgehaltefasiliteite vir leef en leer aan studente met gestremdhede, sodat hulle die studente-ervaring voluit kan ervaar;
- versterkte ondersteuningstelsels vir studente wat moet pendel;
- 'n veilige en bemagtigende omgewing vir die LGBTQIA+-gemeenskap om openlik en vry te kan leef sodat hulle 'n ryk studente-ervaring kan ervaar wat diversiteit verwelkom; en
- ruimtes wat vir nuwe, nuwelings- en voortgaande studente in al hulle diversiteit veilig, ondersteunend, gemaklik en versterkend is.

Ons wil 'n transformerende, dinamiese studente-ervaring vestig, en 'n kultuur kweek waarbinne studente deur ondersoek, vindingrykheid en nuutskepping leer. Dit sluit die volgende in:

- om stelsels vir oorsigbestuur oor en leierskap onder studente te verfyn en ondersteuning daarvoor te verskaf;
- om te sorg dat die kurrikulumaanbod van hoë gehalte is en dat doeltreffendheid geassesseer word, onder meer deur 'n ervaringgerigte onderrigmetodologie;
- om platforms te skep waar studente hulle kan uitdruk, onder meer om besluitneming binne die Universiteit te kan beïnvloed; en
- om toegang tot programme vir persoonlike ontwikkeling te verskaf en 'n dinamiese, inklusiewe studente-ervaring van hoë gehalte te bemoontlik.

Die spilpunt van die Afdeling Studentesake se agenda vir transformasie is om menswaardigheid in alles voorop te stel en om die ongeregtighede van die verlede reg te stel deur bewustelik op sosiale geregtigheid, gelykwaardigheid, vryheid en etiese gedrag te fokus. Ons streef dus na die volgende:

- om die kokurrikulêre kursus Ontwikkeling van Kritiese Burgerskap aan te bied en om alle studente oor antirassisme, antiseksisme, demokrasie en kritiese burgerskap op te voed;
- om meer studente by die werksaamhede van die Afdeling in te sluit en om diversiteit in die breë sin van die woord te bevorder – dit wil sê, wat demografie sowel as 'n verskeidenheid oogpunte en idees betref;
- om 'n waardegedrewe omgewing te hê wat vertrouwe bou deurdag ons die Universiteit se waardes uitleef en die hoogste integriteit handhaaf;
- om kollegas te bemagtig sodat hulle moeilike, noodsaaklike gesprekke tydens die transformasie van omgewings kan fasiliteer; en
- om die soeklig te werp op ernstige sosiopolitieke, ekonomiese, gesondheids- en welstandsuitdagings wat 'n afbrekende uitwerking op studente se lewe het, sodat ons toegang tot dienste kan uitbrei.

Die oorhoofse prioriteite van ALOV kan die beste beskryf word aan die hand van 'n matriks van werksaamhede en inisiatiewe, soos in Tabel 1. Die besonderhede oor ERTLA en ARTLA, hibridiese leer, die Universiteit Kapasiteitsontwikkelingstoekenning (Eng. UCDG) en beleidsformulering word elders in die verslag verskaf.

1. Bevordering van kwaliteit L&O in akademiese programme wat deurlopend hernu word 2. Professionalisering van die onderrigrol, en beloning en erkenning 3. Bevordering van 'n akademiese leergesentreerde benadering tot onderrig			
Uitgebreide EARTLA (Nood Afstandsleer Onderrig en Assessering)	Hibridiese Leerprojek	Universiteit Kapasiteits- ontwikkelingstoekenning (2021-2024)	Beleidsformulering

Tabel 1: 'n Matriks van werksaamhede en inisiatiewe

5. Bykomende fokuspunte gedurende die verslagtydperk

Nadat ek my pligte opgeneem het, het ek 'n situasionele ontleding van die VS gedoen en my visie vir leer en onderrig aan die US daarby geïnkorporeer. Aan die hand daarvan het ek die VS-span op die onderstaande inisiatiewe vir uitbreiding en verryking gefokus, bykomend tot die prioriteite wat in Afdeling 4 hier bo gelys is:

Herbedink assesserings

Hierdie inisiatief is daarop ingestel om riglyne en beste praktyke vir aanlyn assessering, portuurassessering en selfassessering te ontwikkel. Die oorskakeling na ERTLA, en daarna na ARTLA, het getoon dat ons ons vermoëns en vaardighede op hierdie gebied moet verryk, veral as ons ons planne met hibriedese leer wil uitbrei.

Versnel die implementeringsplan vir hibriedese leer

Die hibriedeseleer- (HL-)projek bied 'n geleentheid om die L&O-aanbod aan die US te onderskei. Die aansienlike belegging wat die Universiteit in die ELS-projek (vir uitgebreide leerruimtes) gemaak het, verskaf verdere rede en stukrag om die HL-projek voort te dryf.

Verweef entrepreneurskap in die formele kurrikulum en kokurrikulum

Hierdie inisiatief verryk die kenmerke van US-gegraduateerdes en help oorkom die uitdagings van geskiktheid vir indiensneming. Deur ons graduateerdes entrepreneurs in te stel, gee ons hulle geleentheid om aan hulle ingesteldheid en stel vaardighede onderskeibaar te wees. Dit kan vermag word deur aanbiedings in die formele kurrikulum sowel as die kokurrikulum. Steunwerwing om entrepreneurskap op dié manier te verweef, vorder goed.

Brei kokurrikulêre programme uit om alle US-studente in te sluit

Die kokurrikulum is 'n uiters nuttige instrument om die kenmerke van US-gegraduateerdes te ontwikkel en te verryk – veral onder studenteleierskap, maar ook onder 'n beperkte getal studente vir wie programme soos Gemeenskaplike Medemenslikheid geloods is. Die fokus vir die toekoms is om die kokurrikulumaanbod uit te brei sodat kwessies soos ontwerpdenke, entrepreneurskap en die ontwikkeling van die sogenaamde “sagte vaardighede” ook onder die soeklig geplaas word. Die uiteindelijke oogmerk is om die kenmerke van US-gegraduateerdes onder alle studente by wyse van die kokurrikulum te verryk sodat dit die bepalende faktor sal wees waaraan US-gegraduateerdes van dié aan ander universiteite te onderskei is.

6. Beleidstukke

Die VS is die eienaar of kurator van 'n hele aantal institusionele beleide. Een van die VS se pligte is dus om gepaste oorsig oor die deurvoering van beleide binne die domein van leer en onderrig te verseker, asook voortgesette besinning oor hierdie beleide, wat insluit dat dit hersien en bygewerk word om die doeltreffendste aflewering ooreenkomstig die institusionele visie en missie te verseker.

Prosesse vir 'n oorsig of hersiening van die volgende beleide is gedurende 2021 onderneem:

Taalbeleid

Die huidige Taalbeleid (2016) het in 2017 in werking getree en verstryk vyf jaar na die inwerkingtredingsdatum. Dit is dus in 2021 in heroënskou geneem. Aan die einde van 2020 het die VR:L&O 'n oorsigproses van stapel gestuur teen die agtergrond van die Konstitusionele Hof se goedkeuring van die 2016-Taalbeleid in 2019. 'n Taakspan waarin alle fakulteite verteenwoordig is, is in Desember 2020 aangewys. Hulle het in daardie maand vergader, en weer in Februarie 2021. Die taakspan het 'n reeks institusionele bronne geraadpleeg, onder meer die VR:L&O se taalverslae aan die Senaat, die Komitee vir Taalbeplanning en -bestuur se verslae sedert 2017, bevindings uit opnames onder studente en personeel oor tevredenheid en taalvaardigheid, demografiese inligting oor die taalprofiel van personeel en studente, verslae oor Taaldag, verslae deur die Taalkomitee en uittreksels uit Raadsnotules oor taalverwante agendapunte, sowel as die 2019-uitspraak deur die Konstitusionele Hof. Die taakspan het 'n tydlyn vir die oorsig, uitgewerk volgens die Universiteit se Almanak vir 2021, aanvaar. Daarvolgens moet 'n eerste konsepweergawe van die hersiene Taalbeleid in oorleg met die breër US-gemeenskap opgestel, deur die Raad oorweeg en teen Maart 2021 vir openbare oorlegpleging beskikbaar gestel

word. 'n Verwerkte tweede konsepweergawe is in Julie 2021 vir openbare oorlegpleging beskikbaar gestel, en die finale weergawe moet teen Desember 2021 vir bespreking en aanbeveling by die tersaaklike institusionele komitees voorgelê en by die Raad vir moontlike goedkeuring ingedien wees. Laasgenoemde moet met die Senaat se instemming en na oorlegpleging met die Institusionele Forum geskied.

Assesseringsbeleid vir die US

Die US Senaat en Raad het 'n hersiene Assesseringsbeleid vir die US goedgekeur. Die oogmerk is om die volgende daar te stel: (i) 'n buigsame raamwerk wat deeglike assessering oor alle akademiese programme en modules heen oplewer, en (ii) 'n stelsel wat studenteleer doeltreffend sal bevorder en studente se prestasie vir sertifisering doeltreffend sal evalueer.

Die US erken dat assessering 'n onlosmaaklike deel van leer en onderrig is. Daarom sluit die Assesseringsbeleid aan by die US se Onderrig- en Leerbeleid, wat "beoog om onderrig en leer van gehalte te bevorder wat die ryke potensiaal van 'n toenemend diverse studentekorps verwelkom en gegradueerdes oplewer wat kan bydra tot 'n komplekse samelewing". Die Raad het dit verwelkom dat die hersiene Assesseringsbeleid op alle assesseringsaktiwiteite Universiteitswyd van toepassing sal wees, ongeag of dit in persoon of

aanlyn geskied, met of sonder toesig, skriftelik of mondelings. Die oorspronklike beleid is in 2004 goedgekeur en laas in 2012 hersien. Die jongste weergawe sal op 1 Januarie 2022 in werking tree. Alle US-fakulteite sowel as ander tersaaklike institusionele strukture – onder meer die Institusionele Forum en Senaat – is as deel van die hersieningsproses geraadpleeg en het insette gelewer. Die Sentrum vir Onderrig en Leer (SOL) koördineer tans 'n ondersoekende proses oor hoe om omgang met die hersiene Assesseringsbeleid onder alle L&O-gemeenskappe op alle US-kampusse aan te moedig.

Beleid oor Onbillike Diskriminasie en Teistering, en MIV/vigs-beleid

Die US se Beleid oor Onbillike Diskriminasie en Teistering en dié oor MIV/vigs word tans in heroënskou geneem en saamgevoeg. Die fokus is sterk daarop om geslagsgebaseerde geweld (GGG) daarin op te neem. 'n Taakspan wat uit interne belanghebbendes bestaan, is ingestel en doen tans 'n oorsig van die betrokke beleide. 'n Oorsig van die institusionele GGG-strategie, wat praktiese maatreëls sal insluit oor hoe om GGG, seksuele teistering en seksuele misbruik te hanteer, is ook onderweg.

Hersiening van Beleid oor Studentet terugvoer en Prosedurele Reëls

SOL het 'n oorsig van hulle Beleid oor Studentet terugvoer en Prosedurele Reëls onderneem. Die taakspan het ooreengekom om die huidige beleid en die dokument Prosedurele Reëls met 'n dokument getiteld Riglyne vir Studentet terugvoer te vervang. Hierdie riglyndokument sal met huidige oorhoofse US-beleide belyn wees, onder meer met die Onderrig- en Leerbeleid, die Assesseringsbeleid en die Beleid oor Gehalteversekering en -bevordering. Die riglyndokument is daarop ingestel om 'n meer holistiese benadering uit te stip en te versterk oor hoe om terugvoer in te samel met behulp van verskillende praktyke wat 'n verskeidenheid databronne en metodologieë benut.

Oorsig van die US Studentegrondwet 2021: Stellenbosch- en Tygerbergkampus

Die Studenteraad (SR) en die Tygerberg Studenteraad (TSR) het hulle grondwette in 2021 in heroënskou geneem. Die vorige oorsig van die SR Grondwet was in 2019, en volgens die 2019-Studentegrondwet is die SR verplig om na drie jaar 'n referendum te hou waarin die Studentegrondwet weer in oënskou geneem word. Enige veranderings aan die Studentegrondwet moet met die US Statuut versoenbaar wees. Hoewel 'n oorsig van die Tygerbergse Studentegrondwet minstens al om die vyf jaar moet geskied, is dit in 2013 laas gedoen. Gevolglik is verskeie prosedures steeds grondwetlik alhoewel dit buite die bestek van huidige algemene praktyk val.

Ander beleidshersienings

'n SOL-inisiatief in Mei 2021 om 'n inventaris op te stel van beleide wat met leer en onderrig aan die US te make het, het duidelik getoon dat 'n hele aantal beleide hersiening benodig. 'n Voorstel is by die Komitee vir Leer en Onderrig (KLO) ingedien dat 'n proses van beleidshersienings onderneem word. Die voorstel is aanvaar, en die kurators van die betrokke beleide sou 'n behoefteontleding uitvoer om te besluit of die beleidsoorsig by wyse van skakeling met bykomende belanghebbendes onderneem moet word, of die beleidsoorsig later gedoen moet word as die datum wat aangedui is, en of die oorsigproses geloods moet word (in welke geval hulle lede vir die oorsigspan sou voorstel). SOL het die volgende punte uitgelig wat die onderskeie kurators moes in ag neem:

- dat dit belangrik is dat beleide, as 'n algemene vertrekpunt, meer vaartbelyng gemaak moet word;
- dat die instelling minder beleide nodig het – meer beleide moet tot riglyne verwerk word; en
- dat ons beleide benodig wat werklik 'n verskil meebring en betekenisvol is.

Die onderskeie beleidskurators het hierdie aanbevelings ter harte geneem en die oorsigproses is goed onderweg.

7. Strategiese temas

Hierdie gedeelte verskaf besonderhede oor werksaamhede en inisiatiewe in die twee afdelings binne die VS, die EvG ingesluit, waarvolgens ons die US se ses strategiese temas ooreenkomstig die Strategiese Plan 2019–2024 nastreef.

7.1 'n Florerende Universiteit Stellenbosch

7.1.1 Leer- en Onderrigverryking

Akademieskap van Opvoedkundige Leierskap: kortkursus

Die 2021-kohort het vier hibriede kontakssessies oor pedagogiese leierskap, kurrikulumleierskap, opvoedkundige leierskap vir verandering, en L&O-navorsing as opvoedkundige leierskap suksesvol afgehandel. Die kohort het die

volgende persone ingesluit: dr Marianne McKay, dr Carina America, dr Karin Cattell- Holden, dr Manfred Spocter, dr Lee-Ann Jacobs-Nzuzi Khuabi, prof Dion Forster, prof Pieter von Wielligh, prof Gareth Arnott en dr Vusi Malaza. Hulle het van 8 tot 10 November aan die jaarlikse Akademieskap van Onderrig en Leer- (AvOL-)konferensie deelgeneem en sal die finale summatiewe assessering teen 6 Desember 2021 afgehandel hê. Die uitnodiging om deelnemers vir die 2022-kortkursus te benoem is op 15 September aan fakulteite gestuur.



Van voor na agter, en van links na regs: drs Marianne McKay, Carina America, Karin Cattell- Holden, Manfred Spocter, Lee-Ann Jacobs-Nzuzi Khuabi en Nicoline Herman (fasiliteerder), profs Dion Forster, Pieter von Wielligh en Gareth Arnott, en drs Vusi Malaza en JP Bosman (fasiliteerder)

Professionele Onderwysontwikkeling vir Akademici (PRONTAK) – kortkursus

Die 2021 PRONTAK-kortkursus het 82 deelnemers uit al 10 fakulteite getrek. Die deelnemers het met aanlyn asinchroniese leer omgegaan tydens twee ARTLA-kontaksessies, onderskeidelik op 22 Junie en 17 September.

Die Junie-sessie het daarop gefokus om studente by aktiewe leer betrokke te kry, terwyl die September-sessie op die konteks van onderrig en leer aan die US gefokus het. As deel van die kontaksessie moes die deelnemers samewerkend omgaan met verskeie ander beleide en dokumente wat met leer en onderrig aan die US verband hou.

Totale getal deelnemers	Agri	Lettere	Opvoedk	EBW	Ing	FGGW	Regte	Militêr	NW	Teologie	SOL
82	13	5	2	10	5	21	5	10	8	2	1


Tabel 2: PRONTAK-deelname per fakulteit



Links: SOL-adviseur me Claudia Swart-Jansen van Vuuren demonstreer hoe 'n origami-boksie gevou word
Regs: Deelnemers volg op die groot skerm terwyl aanlyn deelnemers via MS Teams volg



Prof Ramjugernath (aanlyn) het die deelnemers (in persoon en aanlyn) aan die PRONTAK-kontaksessie by Devonvale verwelkom



PRONTAK-deelnemers het tydens die kontaksessie voorleggings oor L&O-beleide gedoen

Kortkursus in Assessering

Die kortkursus in assessering vir dosente is in 2020 met COVID-19 as konteks ontwikkel en goedgekeur, en vroeg in 2021 ingestel. Fakulteite is uitgenooi om elk twee deelnemers te benoem om die loodsaanbieding by te woon. Sestien deelnemers uit agt fakulteite het vir die amptelike kortkursus ingeskryf. Deelnemers het die volgende bespreek: die verskillende oogmerke van assessering; hoe uitkomst, leeraktiwiteite en assessering bely kan word; en die beginsels van en maatstawwe vir doeltreffende assessering. Danksy 'n SUNOnline-module kon deelnemers by 'n besinningsproses betrek word en leergerigte assesseringstrategieë ontwerp wat 'n transformerende studente-ervaring sal ondersteun. Deelnemers het die voordele en uitdagings van 'n reeks assesseringsmetodes oorweeg, waaronder aanlyn assessering. Dit is krities belangrik in die konteks van aangevulde ERTLA, oftewel ARTLA. Die kursus word tans formeel geëvalueer om die hersiening en aanpassing daarvan vir deurvoering in 2022 te stuur.

Toekennings vir Voortreflike Onderrig 2021

Vanaf 2021 word akademiese personeel uitgenooi om vir 'n individuele of spantoekekening vir voortreflike onderrig in te skryf. Spantoekeennings word oorweeg volgens betekenisvolle vindingrykheid en samewerkendheid in kursus- of kurrikulumontwerp, onderrig, assessering en

die fasilitering van studente-leer. Die uitnodiging vir die 2021-toekennings is in Mei 2021 uitgestuur, en inskrywings het op 22 Oktober gesluit. Hierdie toekennings erken en beloon voortreflike onderrig in ooreenstemming met die US se Onderrig- en Leerbeleid soos dit in die konteks van verskillende fakulteite gestalte aanneem. Keuringsprosesse aan fakulteite vir inskrywings vir Toekennings vir Voortreflike Onderrig in 2022 is tans aan die gang.

Eerstejaarsprestasietoekennings (Eng. FYAA)

Die 13de jaarlikse Eerstejaarsprestasietoekennings is op 9 September vir die 2020-akademiese jaar gehou. Dit is vir die tweede agtereenvolgende jaar as 'n virtuele geleentheid via MS Teams aangebied. Die oogmerk van hierdie toekennings is om erkenning te gee aan die toppresterende-eerstejaarstudente binne elke fakulteit, sowel as die dosente wat deur elk van hierdie topstudente benoem is as iemand wat hulle akademiese ervaring positief beïnvloed het. Die gasspreker vir die aand, emeritusprof Julia Blitz van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW), het 'n weldeurdragte praatjie gelewer wat haar gehoor aan die dink gesit het. Sy het die instelling aangemoedig om 'n leergerigte benadering te volg wat alle studente in staat stel om kennis te help opbou en wat hulle bemagtig om plaaslik sowel as wêreldwyd betrokke te wees.





Emeritusprof Julia Blitz

US-onderriggenootskappe 2021

Die US het in November 2020 vier toekennings aan onderriggenote vir die tydperk 2021 tot 2023 gemaak, aan die volgende persone: dr Taryn Bernard (Verlengde Graadprogram, Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe), prof Debby Blaine (Departement Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese, Fakulteit Ingenieurswese), dr Gretha Steenkamp (Skool vir Rekeningkunde, Fakulteit Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe) en prof Susan van Schalkwyk (Direkteur: Sentrum vir Gesondheidsberoepe-onderwys, FGGW). Die Genote, wat uitmuntende dosente en akademici op die gebied van onderrig en leer is, het die geleentheid gekry om tyd toe te spits op 'n L&O-navorsingsprojek in hulle belangstellingsveld. Die uitnodiging om aansoeke vir 2022-onderriggenootskappe is alreeds uitgestuur en die sluitingsdatum was 1 November 2021.

TAU-genootskappe (vir die bevordering van onderrig aan universiteite)

Die TAU-genootskapsprogram is 'n landwye intervensie wat daarop gemik is om onderrig-gehalte en die professionalisering van onderrig en leer in die openbare hoëronderrig te bevorder. Dit behels die professionele ontwikkeling van 'n kohort middel- tot seniorvlak- akademiese personeel vanuit verskillende dissiplines aan alle Suid-Afrikaanse openbare universiteite deur middel van 'n benadering wat residensiële en afstandslere kombineer. Drie US-dosente is vir die 2021/2022-TAU-program gekies: prof Faadiel Essop (Departement Fisiologiese Wetenskappe, Fakulteit Natuurwetenskappe), prof Ashraf Kagee (Departement Sielkunde, Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe) en dr Marianne McKay (Departement Wingerd- en Wynkunde, Fakulteit AgriWetenskappe). Die vierde nasionale TAU-genootskapsprogram, wat op 14 Oktober 2021 bekendgestel is, sal vanaf Julie 2022 tot Julie 2023 duur.

Opkomende institusionele oudit deur die Raad op Hoër Onderwys (RHO)

Die RHO se derde gehalteversekeringsiklus begin in 2021. Institusionele oudits sal gedurende hierdie siklus gedoen word. Alle hoërondewysinstellings moet oor hulle interne gehalteversekeringsstelsels besin en aantoon dat hulle voldoen aan sestion standaarde wat die RHO in vier fokusgebiede gegroepeer het. Die Raamwerk vir Institusionele Oudits 2021 sit dit soos volg uiteen (bl. 23-26):

1. Oorsigbestuur, strategiese beplanning, bestuur en leierskap ondersteun die kern-akademiese funksies (standaard 1 tot 4).
2. Die ontwerp en deurvoering van die institusionele gehaltebestuurstelsel ondersteun die kern-akademiese funksies (standaard 5 tot 8).
3. Die samehang en integrasie van die institusionele gehaltebestuurstelsel ondersteun die kern-akademiese funksies (standaard 9 tot 12).
4. Kurrikulumontwikkeling, leer en onderrig ondersteun die waarskynlikheid van studentesukses (standaard 13 tot 16).

Gedurende hierdie tydperk is die Institusionele Selfevalueringsouditkomitee ingestel (met verteenwoordiging vanuit elke fakulteit en VS, asook die SR). Die Selfevalueringskomitee volg 'n nadenkende en generatiewe metodologie om 'n institusionele selfevalueringsouditverslag op te stel, daaroor te beraadslaag en dit goed te keur vir voorlegging aan die RHO teen die einde van die eerste semester van 2022. Die

RHO se perseelbesoek vir eweknie-evaluering sal dan in die tweede semester van 2022 volg.

Universiteit Kapasiteitsontwikkelingstoekenning (Eng: UCDG)

Die US het die jaarlikse UCDG-verslag by die Departement Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) ingedien met 'n aangeduide 90%-besteding van die toegekende begroting vir 2020. In die geheel het die US besteding bo 90% van die toekenning vir die tydperk 2018 tot 2020 gehandhaaf. Die 2020-projekte (Mobilex, Onderriggenootskappe, DH-opleiding, Akademieskap van Opvoedkundige Leierskap, Nagraadse Voerkanaal, Ontwikkeling van Vroeëloopbaan-akademici, Studentenasporingstelsel, Portuur-tot-portuur-fasiliteeringsopleiding en Programvernuwing) is in 2021 voortgesit.

'n Nuwe siklus universiteitsvermoëbou het in 2021 begin. Die US se UCDG-plan bestaan uit sewe projekte wat alles wentel om belegging in mense, stelsels of prosesse wat tot studentesukses kan bydra. Hierdie projekte dek die verdere ontwikkeling van 'n mobiele veeltalige toepassing (Mobilex) wat studente leer en meertaligheid bevorder; ontwikkelingsgeleenthede vir nagraadse studente, opleiding aan portuurfasiliteerders (tutors), die ontwikkeling van 'n omvattende nasporingstelsel, ontwikkelings- en mentorleenthede vir vroeëloopbaan-akademici, leierskapsontwikkeling vir personeellede (veral departementshoofde), onderriggenootskappe om onderrig aan die US te bevorder en programme vir vernuwingsgeleenthede. Die totale begroting vir hierdie projekte vir 2021 beloop R13 350 577.

7.1.2 Studentesake

7.1.2.1 Sentrum vir Studentegemeenskappe

'n Geslaagde verwelkomingsprogram

Die 2021-nuwelinge is tydens COVID-maatreëls op vlak 1 verwelkom. Sommige hoogtepunte tydens die verwelkomingstydperk was –

- die vlagplanting, waar nuwelinge en hulle ouers 'n vlag kon plant om aan te kondig dat hulle hul plek aan die Universiteit inneem en van voorneme is om sukses te behaal;
- die Droomwandeling as 'n spesiale oomblik van verwondering vir nuwelinge (veral die moment waarop hulle onderdeur die banier oor Victoriastraat gestap het as simbolies van die oomblik waarop hulle akademiese loopbaan aan die US begin het);
- die oprigting van ongeveer dertig tente om nuwelinge in die PSO-omgewings in staat te stel om ooreenkomstig die COVID-protokolle byeen te kom; en
- die virtuele Vensters-aanbieding en die fakulteite se virtuele verwelkomingsgeleentheid.





Foto's van die 2021-Droomwandeling



Droomwandelingboom (wat met droomkaarte behang is)



Die vlag wat as deel van die verwelkomingseremonie geplant is

COVID-19-protokolle het goed gewerk in die verwelkomingstyd

Die nodige COVID-19-protokolle is deurgaans tydens 'n baie geslaagde verwelkomingstyd toegepas. Daar was geen voorvalle van superverspreiding nie, en waar positiewe gevalle voorgekom het, het inwonende hoofde en die studenteierskap ten nouste met die Kampusgesondheidsdiens (KGD) en personeel van Behuisingsdienste saamgewerk om verdere verspreiding binne studentegemeenskappe te voorkom. Die getal COVID-19-gevalle in koshuise is op die oomblik stabiel en die nodige protokolle word gevolg.

COVID-19 in koshuise

Koshuise is tot byna 100%-kapasiteit tydens die 2021 akademiese jaar beset en alle kamers is gevul, buiten 'n paar kamers wat vir isolasiedoeleindes benut word.

Eerste semester

Verskeie studente in US-koshuise het in Junie en Julie positief getoets vir COVID. Verskeie studente is geïsoleer omdat hulle in nabye kontak was met persone wat positief getoets is, en twee koshuise (Metanoia en Irene) het klusteruitbrake gehad. Al hierdie gevalle is in noue samewerking met die KGD aan die hand van bestaande protokolle bestuur, en die koshuise het voortgegaan om soos normaalweg te funksioneer. Studente en personeel het goed saamgewerk om te verseker dat dienste volgehou is vir studente wat hulle moes isoleer.

Tweede semester

Die tweede semester het begin toe die derde golf in die Wes-Kaap op die hoogtepunt was. Die Stellenbosch-koshuise het vanaf die eerste week in die semester 'n skerp toename in gevalle aangemeld. Die situasie is deeglik bestuur met die onderlinge samewerking van die Sentrum vir Studentegemeenskappe (SSG), die inwonende hoofde, die koshuise se dienstepersoneel en KGD. Baie studente het tyd in selfisolasië deurgebring, en die situasie is onder beheer gebring.

Taalkwessies tydens Verwelkomingsweek

Die Minerva-studentegemeenskap het die nuus gehaal oor die verbod op Afrikaans tydens die verwelkomingstyd. Die klagtes is hanteer soos in paragraaf 8.4.3. van die Taalbeleid voorgeskryf, en die studentegemeenskap in Minerva het dit op 9 Maart 2021 bevredigend bygelê. Daar was soortgelyke klagtes uit drie ander studentegemeenskappe. By twee daarvan, Irene en Capri, is geen regstreekse getuienis voorgelê nie en word die saak beskou as bevredigend opgelos. In die vierde gemeenskap, Huis Francie van Zijl, op die Tygerberg-kampus, het klagtes oor taal- en ander kwessies uit 2019 na vore gekom. Aangesien die studente wat in 2019 betrokke was nie meer in Huis Francie woon nie, is 'n ander benadering gevolg deurdat spesiale aandag in 2021 aan die gebruik van taal in Huis Francie gegee is.

Die Menseregtekommissie is steeds besig met hulle ondersoek om te bepaal of daar 'n verbod op Afrikaans tydens die 2021-verwelkomingstyd was. 'n Oudit deur Deloitte, wat deur die Universiteit aangevra is, het wel bevind dat dit nie die geval was nie.

Eerstesemester-eksamens in koshuise

Vorbereidings vir die Junie-eksamens in studentegemeenskappe en in koshuise is ontwrig deur die skielike verskuiwing van in persoon eksamens na aanlyn eksamens nadat die COVID-19-maatreëls onverwags na vlak 4 verhoog is. Ongeveer 25% van ons studente Universiteitswyd het tydens die reses en die aanlyn eksamens in die koshuis gebly. Koshuisstudente het ondersteuning in verskeie vorme vanuit hulle studentegemeenskappe ontvang, onder meer portuur-tot-portuur-mentors vir alle nuwelinge, onderlinge akademiese ondersteuning deur studente, fisieke ondersteuning om eksamens af te lê (bv. die uitleen van rekenaars en ander toerusting om hiermee by te staan), onderlinge welweesondersteuning deur studente, die benutting van alle beskikbare ruimtes om te studeer, en die geleentheid om tydens die reses in koshuise aan te bly. Studente met gestremdhede kon gedurende Mei 2021 om

toets- en eksamenkonsessies aansoek doen ter voorbereiding op die Junie-eksamens. Hierdie proses het redelik glad verloop, en individuele noodeksamenmaatreëls kon getref word danksy die Eksamenkantoor wat baie buigsaam was.

Leierskapsopleiding en verkiesings

Studenteverkiesings is in die derde kwartaal gehou en het met die jaargesprekke in Oktober ten einde geloop. Hierdie gesprekke bestaan uit ongeveer 65 drie uur lange gesprekke, een met elke studentegemeenskap. Dit is die saamtrepunt van alle studenteleieropleiding, en bepaal hoe die verskillende aspekte in die besondere studentegemeenskap se visie en beplanning vir 2022 ingewerk gaan word. Die COVID-pandemie het die lewe in studentegemeenskappe ontwig, en baie studenteleiers wat in Augustus 2021 vir 2022 verkies is, sal geen ervaring van studentelewe anders as in COVID-omstandighede hê nie. Die studentelewe in koshuise kan nie met die ervaring voor COVID vergelyk word nie, aangesien dit gekniehalter is deur die inperkings wat nodig was om die pandemie te beveg. Die studenteleiers in ons studentegemeenskappe sal eers oor 'n paar jaar weer die nodige ervaring hê om die studentelewe te bedryf op 'n vlak wat met dié van voor Maart 2020 vergelykbaar is.

7.1.2.2 Sentrum vir Studentevoorrilging en -ontwikkeling

Eenheid vir Gestremdhede (EG) se transformerende programme

Studente met gestremdhede maak ongeveer 1,85% van die US se studentetal uit (Tabel 3 sit verklaarde gestremdhede uiteen). Ons vermoed egter dat die getal meer as hierdie 607 studente is, omdat studente soms bedenkinge daaroor het om hulle gestremdhede te verklaar.

Die EG het voortgaande inisiatiewe om gestremdhedsbewustheid op kampus te verhoog en om studente en personeel se denke oor gestremdheid te transformeer. As deel van ons omgang met die kampuswye transformerende ervarings van studente en personeel streef ons voortdurend daarna om gestremdhedsinsluitende aktiwiteite vir studente en personeel aan te bied. Ons is bly dat ons die volgende twee programme kan voortsit:

- **Universele Toegang deur Portuur-tot-portuur-fasilitering**

Die EG is besig om 'n portuur-tot-portuur-fasiliteringsprogram met die oog op universele toegang te ontwikkel, wat in 2022 ingestel sal word. Die oogmerk is dat studente ervarings met mekaar sal uitruil en mekaar sal ondersteun in kwessies wat universele toegang betref soos in die US se Beleid oor Gestremdheidstoegang

Gestremdhedsbeskrywing (Ingeskrewe Studente 2021)	
Blind	13
Serebrale Verlamming	1
Kroniese Gesondheidstoestand	42
Doof	21
Gediagnoseerde Gesondheidstoestand	121
Gediagnoseerde Leesversteuring	30
Gediagnoseerde Skryfversteuring	11
Mobiliteit Of Ortopediese Toestand	41
Neurologiese Gestremdheid	53
Ander Gestremdheid Of Toestand	34
Ander Gehoorgestremdheid	142
Ander Visuele gestremdheid	85
Spraak Versteuring	13
Totaal	607/32 797 (1.85%)

Tabel 3: Gestremdhedsdata op 10 Mei 2021

(2018) omskryf. Dié program is bykomend tot die geakkrediteerde Lei met Gestremdheid-kurrikulumprogram wat die EG alreeds aanbied.

- **Gestremdheidsindaba**

Die SR 2020/2021 se Spesiale Behoeftes-portefeulje het vanjaar die Gestremdheidsindaba in vennootskap met die EG gedryf. Die Indaba het ongeveer 120 aanlyn deelnemers getrek. Daar is gesprek gevoer oor studente se sienings oor ondersteuning aan die US, AfriNEAD se verslag oor hulle gestremdheidsuitreik deur Afrika-inisiatiewe, en gekontekstualiseerde studentesteun aan die US (aangebied deur die EG); 'n nasionale paneel bestaande uit studente met gestremdhede het aangeleenthede bespreek wat hulle lewe as studente op ons kampusse raak; die Stellenbosch Werksentrum het 'n insetsel gelewer met spesiale aandag aan Loslitdag, INCLUDE – 'n globale netwerk vir inklusiewe onderwys – het 'n insetsel oor inklusiewe onderwys en universele ontwerp vir leer bygedra; en die bestuurder van die SR se Spesiale Behoeftes-portefeulje het 'n sessie oor gestremdheidsensitiserings gelei. Ons hoop om die Gestremdheidsindaba 'n jaarlikse instelling te maak.

Siyakhula: Ouerskap vir Verandering


Vanjaar was daar 'n bykomende afdeling in die Siyakhula-reeks vir personeel, wat op doeltreffende ouerskap gefokus het en gehandel het oor hoe om met jou kinders te gesels

oor sake wat met gestremdheid, emosies en gender verband hou. Die EG het aan die gedeelte oor gestremdheid deelgeneem en 'n paneelbespreking gehou wat bestaan het uit 'n tiener met 'n gestremdheid, 'n ouer van 'n tiener met 'n gestremdheid, 'n personeelid met 'n gestremdheid, 'n arbeidsterapeut en 'n persoon wie se broer of suster 'n gestremdheid het.


7.1.2.3 Sentrum vir Studenteleierskap, Ervaringgerigte Opvoeding en Burgerskap

Rektorstoekennings vir Uitnemende Prestasie


Die aanbieding van die Rektorstoekennings vir Uitnemende Prestasie in 2021 is op 7 Oktober gehou. Die tema van die geleentheid was 'Uitnemendheid deur teenspoed heen; saam vorentoe'. Deur die voortgesette onsekerheid en uitdagings heen het ons studente 'n volgehoue hoë vlak van uitnemendheid gehandhaaf. In baie gevalle het hierdie uitnemendheid die standaard oortref ondanks voortgaande en ongeëwenaarde teenspoed. Altesaam 182 inskrywings en benoemings is vir alle kategorieë ontvang: 61 vir Akademie, 54 vir Leierskap, 24 vir Sosiale Impak, 8 vir Kultuur, 8 vir Sport en 27 vir Dienslewering. Daar is 82 toekennings vir die verskillende gebiede vir erkenning uitgereik. Die toekennings het ook die SR-toekenning vir Uitsonderlike Alumna ingesluit – aan me Farai Mubaiwa, wat ook die gasspreker van die aand was.



Rector en Visekanselier prof Wim de Villiers



Viserektor prof Deresh Ramjugernath



Gasspreker me Farai Mubaiwa

Kennismaking met die SR vir 2021/2022

Die tabel hier onder verskaf die name en posisies van die nuutverkose SR 2021/2022.

Tabel 4: SR-portefeuljes 2021/2022

SR-lid	Verkose pos	Toegewese portefeulje(s)	
Viwe Kobokana	Voorsitter		
Philip Visage	Ondervoorsitter	Beleidsbeampte	
Alysa-Abby Kekana	Algemene Sekretaris	Studentetoegang tot Finansies	
Ilan Meintjes	Tesourier		
George van Dyk	ABR-voorsitter – UK		
Vhudi Ravhutsi	TSR-voorsitter – UK		
Almé Engelbrecht		Kommunikasie-beampte	Institusionele Projekskakeling
Chris Briel		Studentewelwees	
Precious Nhamo		Sosiale Impak	Innovering
Takadiwa Chipfumbu		US Internasionaal	
Zander Niemand		Transformasie	
Toni Solomon	Voorsitter Primkomitee		
Christo van der Bank	Ondervoorsitter Primkomitee		
Eugene Nel	Voorsitter Senior Primkomitee		
Neo Mokone	Voorsitter Verenigingsraad		
Pule Lebaka	Studentekaptein: Militêre Akademie		

7.1.3 Eenheid vir Gelykwaardigheid

Die Eenheid vir Gelykwaardigheid (EvG) het vanaf 1 Junie 2021 amptelik uit die SSVO, wat onder Studentesake ressorteer, na die kantoor van die VR:L&O verskuif. Die Eenheid se personeelkomponent is uitgebrei deurdat die pos Koördineerder: Geslagsgeweldbevegting en die pos Ondersteuningsbeampte: Gevalle-ondersoeke ('n nuwe pos) gevul is.

Kollektiewe kundigheid om GGG te beveg

Die EvG maak deel uit van 'n "praktyk-gemeenskap"-forum bestaande uit beroepslui en praktisyns op die gebied van geslagsgelykheid aan universiteite wat uitdagings, idees en suksesse aan verskillende universiteite vanoor Suid-Afrika gaan ontleed. Wits het die forum ingestel met die oogmerk om oor geslagsgeweld te leer en maniere te ondersoek waarop die kwessie op kampusse oor die land heen opgelos kan word.

7.2 'n Transformerende studente-ervaring

7.2.1 Leer- en Onderrigverryking


Aanlyn aanboordnemingsprogram vir studente met voorwaardelike toelating en ingeskrewe studente

Weens die uitwerking wat die COVID-19-pandemie op graad 12-leerders in die 2020 akademiese jaar gehad het, het die US op 'n proaktiewe benadering besluit deur 'n aanlyn aanboordnemingsprogram vir alle eerstejaars met voorwaardelike toelating vir 2021 aan te bied. Die aanboordnemingsprogram is tussen Desember 2020 en Januarie 2021 op SUNLearn gekonseptualiseer en ontwerp. Verteenwoordigers vanuit fakulteite en verskeie sentrums is by die proses betrek.

Die Taalsentrum het aktief tot die konseptualisering en ontwerp van die aanlyn aanboordnemingsprogram bygedra: Die Sentrum se Leeslab het materiaal verskaf wat op noodsaaklike (lewens)vaardighede fokus wat tot studentesukses bydra – soos tydsbestuur,

studievaardighede, akademiese leesvaardighede en vaardighedsontwikkeling in Engelse taalkunde. Die program was vanaf 1 Februarie 2021 vir alle studente met voorwaardelike toelating beskikbaar, en het 'n generiese module vir alle studente asook fakulteitspesifieke modules behels. Na registrasie is toegang tot ingeskrewe studente beperk. Die hoofdoel van die program is om die oorgang vanaf skool na universiteit te normaliseer deur aan studente 'n veilige ruimte te bied waar hulle op hulle eie tyd met sekere hulpmiddels en hulpbronne kan omgaan, enige vrae wat by hulle opkom kan stel, met mentors in verbinding kan tree, na die ervarings van ander studente kan luister, en kan verstaan watter ondersteuning beskikbaar is wanneer hulle op kampus aankom. Binne die eerste drie dae het byna 1 000 studente die module oopgemaak en met die inhoud omgegaan. 'n Toegewysde e-posadres (onboardingsu@sun.ac.za) is geskep om navrae te hanteer.

Die tweede weergawe van die aanlyn aanboordnemingsprogram vir studente met voorwaardelike toelating word tans ontwikkel aan die hand van die terugvoer vanaf studente wat die eerste weergawe deurgewerk het. Die program sal vanaf 15 Desember 2021 tot 15 Januarie 2022 beskikbaar gestel word aan alle eerstejaars wat voorwaardelik toegelaat is. Die ontwerp van die SUNLearn-module sal aangepas word om navigasie te vergemaklik. Tot dusver het 2 848 studente die program oopgemaak. Die lewensduur en volhoubaarheid van hierdie program word tans oorweeg.




Die generiese module in die Aanboordnemingsprogram vir Eerstejaars


Studenteterugvoer Aanlyn studenteterugvoer

Teen die einde van die tweede semester van 2020 het 4 899 studente aanlyn terugvoer oor 366 modules gelewer. Studente het hulle waardering


betuig vir die manier waarop die Universiteit by die nuwe aanlyn onderrigomgewing aangepas het, en vir duidelike en georganiseerde lesings. Hoewel aanlyn video's nuttig vir hulle leer was, het hulle 'n oorweldigende voorkeur vir in persoon klasse aangedui.




Figuur 5: Aantal modules waarvoor vraelyste geaktiveer is, per fakulteit



Figuur 6: Aantal respondente per fakulteit



Figuur 7: Aantal modules tussen 28 Augustus en 10 November geaktiveer



Figuur 8: Aantal modules per fakulteit geaktiveer

Die statistiek vir die tydperk 28 Augustus tot 10 November (Figuur 7) toon duidelik dat die tweede druk tydperk van die jaar stadig opgebou het – responskoerse was beduidend laer. 'n Sleutelfaktor hiervoor mag wees dat studente vraelysuitputting ervaar. Die meeste terugvoervraelyste word aan die einde van 'n module uitgestuur, eerder as terwyl die module aan die gang is, met die oogmerk om onderrig, leer en assessering te verryk.

Tutorprojek Opleidingskursus vir portuurfasilitering

Die tutoropleidingsmodule is in 2020 geskep om tutors tydens ERTLA te ondersteun.

Dit is vir 2021 herbeskou en verwerk tot 'n amptelike kokurrikulêre aanbod in akademiese leierskap, getiteld Portuur-tot-portuurfasilitering van Leer: Opleiding. Fakulteite kan toegang vir tutors tot hierdie module deur die jaar heen aanvra, aangesien deelnemers self die program bestuur en die pas bepaal. Studente kan erkenning (op die kokurrikulêre transkrip) verkry deur die verpligte sessies en assesserings af te handel. In die verslagdoeningstydperk het 179 studente vanuit 8 fakulteite en 24 departemente vir hierdie opleiding ingeskryf, waarvan 120 studente die kursus suksesvol afgehandel het en aan die einde van die jaar erkenning daarvoor as kokurrikulêre aanbod op hulle transkrip sal ontvang.




Figuur 9: Struktuur van kursus in portuurfasiliteringsopleiding

Die Taalsentrum verskuif in 2021 na ARTLA

Ongeveer 3 000 studente vanuit 6 fakulteite het in 2021 aan ARTLA-aktiwiteite deelgeneem namate die Taalsentrum se span vir akademiese en professionele geletterdhede 'n vermenging van aanlyn en kontakonderrig deurgevoer het. Die Taalsentrum het in die eerste semester van 2021 daarop gefokus om hulle nuwe aanbiedings in akademiese geletterdhede en professionele kommunikasie deur te voer met

die oogmerk om interkulturele begrip onder studente te verdiep, en om ondersteuning uit te brei sodat dit verder as die eerste jaar van die akademiese program strek. Alle gegradueerdes vanuit Ingenieurswese, Natuurwetenskappe en Regsgeleerdheid by enige gradeplegtigheid van die US sal modules afgehandel het wat deur die Taalsentrum aangebied is. Vanaf 2023 sal dit ook 'n aantal EBW-gegradueerdes insluit.

Aanlyn taalondersteuningsdienste soos skryfkonultasies en slypsessies vir nagraadse



Figuur 10: Studente-inskrywings vir kursusse in akademiese en professionele geletterdhede wat die Taalsentrum in 2021 aangebied het

skryfwerk het in 2021 nog belangriker geraak weens ARTLA, want studente moes aan meer skryfaktiwiteite deelneem as in die in persoon omgewing van voorheen. Die Taalsentrum se Skryflab het 'n toename in konsultasies in 2021 gesien (2 884 vir die jaar, projeksies vir Oktober tot Desember ingesluit) vergeleke met 2020 (2 218 vir die jaar). Daar was ook meer slypsessies in nagraadse skryfwerk, aangesien aanlyn werksessies skynbaar vir dosente sowel as studente (veral studente wat ver is of op ander kampusse as Stellenbosch is) makliker werk. In 2020 was daar 60 werksessies met 1 330 deelnemers; in 2021 was daar 68 werksessies met 1 671 deelnemers.

Bekendstelling en implementering van ReadTheory in 2021

Die Taalsentrum se Leeslab verskaf al geruime tyd waardevolle opleiding in die ontwikkeling van leesvaardighede wat in modules in akademiese geletterdheid opgeneem is. In 2021 is daar egter **oorgeskakel na 'n nuwe aanlyn benadering tot leesbegripontwikkeling, ReadTheory**, met groot sukses. ReadTheory het Lab-on-line vervang as 'n meer uitvoerbare langtermynoplossing om soveel moontlik studente geleentheid te gee om hulle akademiese leesvaardighede te ontwikkel. Die fakulteit Ingenieurswese, Natuurwetenskappe, AgriWetenskappe en Regsgeleerdheid, asook departemente vanuit EBW en Lettere en Sosiale Wetenskappe, sal voortgaan om ReadTheory in bestaande modules in akademiese geletterdhede en professionele kommunikasie op te neem. Die deurvoering van ReadTheory was uiters geslaagd, en die voorlopige resultate dui daarop dat die ontwikkeling van studente se leesbegrip sowel as hulle vaardighede om krities te dink by die program gebaat het. Studente is positief oor ReadTheory en het voorgestel dat die program aan alle eerstejaars beskikbaar gestel word.

Ondersteuning vir internasionalisering deur middel van taal

Gepaard met die verskuiwing na ARTLA het die Taalsentrum se Engelsportefeulje, in samewerking met US Internasionaal (USI), **substansiële ondersteuning aan internasionalisering** verskaf. Altesaam 278 Franse studente in sakeverwante rigtings het in die eerste semester van 2021 vir Engels vir Akademiese Doeleindes-modules (Eng. EAP) ingeskryf, aanlyn sowel as in persoon. Onder hulle was 261 in Suid-Afrika gevestig. Terselfdertyd het 42 Franse studente wat voorgraads in 'n sakerigting studeer vir beide EAP: Lees & Skryf, en EAP: Praat en Taal geregistreer. Die Taalsentrum se Engelsportefeulje het 20 Nelson Mandela Fidel Castro- mediese studente in 2021 deur middel van EAP ondersteun. Hierdie studente het geneeskunde in Kuba gestudeer en is besig om in Suid-Afrika en op die US se gesondheidswetenskappekampus in te skakel. Die *Intensive English*-program het ook internasionale studente vanuit Libië, Angola en Saoedi-Arabië ondersteun.

Bevordering van individuele en institusionele meertaligheid in 2021

Nadat die Tolkdiens in 2020 na **vertaling van audiopodsendings** verskuif het, het hulle 747 opnames gelewer om dosente daarin by te staan om ERTLA te verskaf en meertaligheid in die klaskamer te bevorder. Die Tolkdiens het hulle podsendingvertaaldiens in 2021 voortgesit, en daarby **intydse aanlyn tolking** via MS Teams in Afrikaans, Engels, Xhosa en SAGT ingevoer. Sedert middel-Maart is ongeveer 150 ure tolking per week gelewer, en teen middel-September het die Tolkdiens 822 lesings vir die 2021 akademiese jaar getolk. Tussen Februarie en middel-Maart is 136 podsendingvertalings geskep, en tot en met 30 Oktober het die afdeling 404 podsendings vir 2021 vertaal.



Studente geniet Oorlewingsafrikaans in persoon

Die Taalsentrum se Taalleerhub (TLH) maak, deur middel van hulle kursusse Oorlewingsafrikaans en Xhosa, groot vordering met die ondersteuning van individuele meertaligheid in sosiale en kokurrikulêre ruimtes. Daar was baie positiewe studenteterugvoer deur die jaar heen, en die kursusse is goed bygewoon. Dit lyk asof die belangstelling en die behoefte toeneem om meertalige vaardighede as deel van sosiale omgang en inklusiwiteit op kampus te ontwikkel. Die TLH het tussen Mei en Junie vir die eerste keer die kortkursus isiXhosa 123 vir eksterne kliënte aangebied. Die TLH het ook geleentheid gekry om na kollegas aan die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie (KSUT) uit te reik met 'n 10 uur lange blitskursus in Afrikaans, wat aanlyn aangebied is.

Die Taalsentrum kon ook positiewe boodskappe oor die waarde van meertaligheid oordra in hulle omgang met inwoners van Erica-koshuis. Een van die vrugbaarste moontlikhede vir samewerking met die VS:L&O is om taalverwerwing en interkulturele kommunikasie in sosiale en kokurrikulêre ruimtes te fasiliteer.

TEFL (onderrig van Engels as vreemde taal)

Die laaste deeltydse TEFL-kursus vir 2021 is vanaf 6 September tot 26 November aangebied, met sewe onderwysers-in-opleiding. Dit is 'n hibriede kursus: aanbieding geskied aanlyn, en die onderwyspraktikum word in persoon gefasiliteer.

Verlengde Graadprogramme (VGP's)

Die VGP-bestuurskomitee het in die vierde kwartaal 'n hersiening van die institusionele VGP-riglyne onderneem om dit met die konsepweergawe van die nuwe nasionale VGP-beleidsraamwerk te belyn. Die nuwe dokument sal die vorm van 'n strategiese dokument aanneem, en 'n implementeringsplan sal volg.

2021- HELTASA-kollokwium oor die Nasionale Verlengde Kurrikulum-/ Graadprogram (VKP/VGP)

Die vier Wes-Kaapse universiteite (die US, die UK, die UWK en KSUT) het van 17 tot 19 Augustus die 2021-kollokwium van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Leer en Onderrig in Hoër Onderwys (HELTASA) oor die nasionale VKP/VGP gesamentlik aangebied.

SUNTrack/SUNSuccess

Die bloudrukfase van SUNTrack, 'n UCDG-befondsde projek wat daarop gerig is om die psigososiale en akademiese faktore in studentesukses na te spoor, is afgehandel. Die oogmerke van hierdie projek is:

1. om aan **voorgaadse (Fase 1-) en nagraadse (Fase 2-) studente** terugvoer oor hulle prestasie te gee en ondersteuning voor te stel waar nodig;
2. om aan **akademiese personeel en bestuur** 'n omvattende beeld van 'n student se vordering te bied, en sodat hulle kwelpunte op grond van die student se uitslae kan uitken en kommunikeer; en
3. om aan **professionele administratiewe en akademiese steundienspersoneel** 'n omvattende beeld van 'n student se vordering en ondersteuningsgeskiedenis te bied.

Die projeknaam het van SUNTrack na SUNSuccess verander en sal voortaan as 'n module op SUNStudent bestuur word.

Sentrum vir Leertegnologieë se Multimediastudio

Die studio by die Sentrum vir Leertegnologieë (SLT) het onlangs nuwe dienste bygevoeg om aan te pas by nuwe vereistes wat 'n kernbelangrike deel van die L&O-aanbod is. Die studio bied 'n verskeidenheid dienste. Dit is nou uitgebrei tot volledig aanlyn konferensies, waarvoor lesings




Spreekers by Studentesake se Transformasieberaad 2021: dr Zethu Mkhize en prof Deresh Ramjugernath

vir studente en beroepslui opgeneem, uitgesaai en gestroom word – nie net in Suid-Afrika nie, maar ook in die buiteland. Die toerusting wat gebruik word, is die jongste en betroubaarste tegnologie wat in lyn met kliënte se behoeftes is. Die studio, wat in Admin A geleë is, is toegerus met alles wat benodig word om opnames en HD-uitsendings van hoogstaande gehalte te vervaardig.

7.2.2 Studentesake

Tweede Transformasieberaad aangebied deur Studentesake op 15 April 2021

As deel van ons werksaamhede om 'n transformatiewe US te vestig, het die Afdeling Studentesake ons jaarlikse beraad op 15 April 2021 via MS Teams aangebied. Die beraad het by gesprekvoering tydens die eerste Transformasieberaad, van 11 April 2020, aangesluit en die soeklig gerig op die verskillende transformasiekwessies waarmee Studentesake se personeel en studente op die verskeie US-kampusse daaglik te doen kry. Studenteleiers uit die SR en die beweging vir GGG-bevegting, asook nieposisionele leiers, het geleentheid gekry om te besin oor wat transformasie vir hulle beteken en hoe die Afdeling daaraan kan werk om transformerende ervarings in die studentelewe-omgewing te skep, en oor uitdagings soos die finansiële uitsluiting van studente, die GGG-plaag en studente se behoefte om voortgeset aangehoor te word in sleutelbesluite rakende transformasie aan die Universiteit wat hulle raak. Die beraad



Studentesake se intydse Transformasieberaad via MS Teams: me Thobeka Msi (programdirekteur) en mnr Yeki Mosomothane (voorsitter)

het die konsepweergawe van Studentesake se Transformasiehandves bespreek, en hoe hierdie dokument die grondslag behoort te vorm van en te weerspieël hoe ons as Afdeling ons transformasionele werk kan verrig.

7.2.2.1 Sentrum vir Studentevoorigting en -ontwikkeling

Geestesgesondheid aan die US

Daar was ongelukkig twee gevalle van studenteselfdood tydens die laaste paar maande van 2020. As voorkomende strategie teen selfdood het ons twee bewusmakingsveldtogte oor selfdoodvoorkoming voor die eksamen aan die einde van die eerste semester in 2021 gevoer. Die SSVO het in die laaste kwartaal van 2021 rekordgetalle individuele psigoterapiesessies aangebied – 820 sessies binne een maand. Die onderstaande kommerwekkende tendense is besig om studente se geestesgesondheid aan te tas:

- 'n Groter getal kliënte vermeld dat hulle eensaam en geïsoleerd voel, alhoewel baie van hulle in US-koshuise woon. Dit kom veral onder eerste- en tweedejaars voor. Studente verbind dit met die beleid van geen besoekers by koshuise nie.
- Die SSVO bemark ook 'n voortgesette styging in die getal studente wat akademiese ondersteuning versoek. 'n Beduidende getal onder hierdie studente ervaar uitdagings met ARTLA. Studente meld dat die aanlynleerkomponent van ARTLA 'n uitdaging bly en dat hulle sou verkies om meer geleenthede te hê vir intydse omgang, minder aktiwiteite wat lees of videostroming behels. Dit wil ook voorkom asof baie studente verwag dat hulle kontakklasse gaan bywoon noudat hulle terug op kampus is.
- Studente wat akademiese steun versoek het, meld ook hoë angsvlakke en swak dryfkrag aan – wat, volgens baie van hulle, verband hou met hulle akademiese uitdagings in 2020 en die uitwerking wat dit op die HEMIS-vereistes vir koshuisplasing en registrasie in 2022 mag hê. Studente voel ook gefrustreerd oor die omslagtigheid

(wat COVID-19 meegebring het) van 'n besoek aan die biblioteek en ander ruimtes waar hulle kan gaan sit en studeer. Selfs eerstejaarstudente ervaar ontsaglike angs.

Al bogenoemde faktore het op 'n verhoogde vraag na terapie, krisis en selfdoodpogings uitloop.

Die Eenheid vir Akademiese Voorligting en Ontwikkeling (EAVO) en die Eenheid vir Psigoterapeutiese en Ondersteuningsdienste (EPO) – albei in die SSVO gesetel – het 'n aansienlike toename in die getal voorvalle sowel as die erns van voorvalle ervaar in die weke net voordat die eerstesemestereksamen begin het. In Junie is 414 sessies vir akademiese steun en 191 sessies vir psigoterapeutiese steun gelewer, vergeleke met gemiddeld 297 sessies vir akademiese steun en 972 sessies vir psigoterapeutiese steun in Maart, April en Mei. Die getal studente wat met ernstige angs aangemeld het, het ook beduidend gestyg. Studente se angs is aangevuur deur onsekerheid oor die formaat van die Junie-eksamens (aanlyn of in persoon). Hulle het ook nie geweet wat sou gebeur as hulle die A2- en/of A3-eksamengeleenthede sou misloop omdat hulle in daardie tydperk in isolasie was of COVID-19 onder lede gehad het nie, aangesien die Institusionele Komitee vir Bedryfskontinuiteit (IKBK) eers lateraan die moontlikheid van 'n A4-geleentheid aangekondig het.

Voedselsekerheid

Gedurende 2021 het ons voedselsteun aan altesaam 539 studente verskaf. Ondersteuning het vanaf die Move4Food Fonds, die Sentrum vir Studentevoorigting en -ontwikkeling, die Nagraadse Kantoor en USI gekom. Onder hierdie studente was 51 op die Tygerberg-kampus en 488 op die Stellenbosch-kampus. Gedurende die A4-assesserings in 2021 is 73 studente tot dusver bygestaan.

Virtuele Loopbaanuitstallings aan die US

Die Eenheid vir Graduandi-loopbaandienste (EGLD), wat onder die SSVO ressorteer, is daarvoor verantwoordelik om die US se jaarlikse loopbaanuitstallings aan te bied: Algemeen, Rekeningkunde en Ingenieurswese. Dit is 'n belangrike geleentheid waar studente netwerke met werkgewers kan bou oor verskeie beurs-, internskap- en permanente loopbaangeleenthede. Weens die COVID-19-pandemie kon geen loopbaanuitstallings op kampusse gehou word nie. Die meeste universiteite het virtuele loopbaanuitstallings aangebied om nietemin hierdie netwerkgeleentheid tussen studente en moontlike werkgewers te fasiliteer. Die EGLD, in samewerking met sentrums vir loopbaandienste aan ander universiteite, het op 22 en 23 Julie 2021 aan SAGEA (die vereniging van Suid-Afrikaanse werkgewers vir gegradueerdes) se virtuele loopbaanuitstalling deelgeneem. Die Eenheid het ook 'n virtuele loopbaanuitstalling onder die vaandel van die US aangebied, op 24 Augustus 2021.

7.2.2.2 Sentrum vir Studenteleierskap, Ervaringgerigte Opvoeding en Burgerskap

Die SSLEOB vier hulle vyfde bestaansjaar en uitnemendheid

Die Sentrum vir Studenteleierskap en -strukture (SSLS) in die Afdeling Studentesake is op 1 September 2016 gestig. Sedertdien het die Sentrum hulle aanbod uitgebrei met 'n omvattende fokus op ervaringgerigte leer en leierskapsontwikkeling. Die Sentrum bestaan tans uit:

- Die **Kokurrikulumkantoor**, wat ervaringgerigte leer as pedagogie vir sosiale geregtigheid posisioneer by wyse van die program Gemeenskaplike Medemenslikheid: Lesse in Kritiese Denke, erkenning op die akademiese transkrip vir goedgekeurde kokurrikulêre aktiwiteite, opleiding in die grondslae van ontwerp vir transformerende ervaringgerigte leer, en die prospektus oor ervaringgerigte leer. Samewerkende vennootskappe, navorsing,

monitering en evaluering verseker dat hierdie werksaamhede met die US se Visie 2040 belyn is.

- Die **Frederik van Zyl Slabbert Instituut vir Studenteleierskap (FVZSI)**, wat jong leiers bemaatig om hulle rol as aktiewe burgers binne die breër globale konteks deur die lens van demokrasie, menseregte en sosiale geregtigheid uit te daag ter huldiging van 'n groot Suid-Afrikaanse denkleier, dr Frederik van Zyl Slabbert.
- Die **AanlynProgramaanbod-span** bedien die spanne by die Kokurrikulumkantoor en Studenteregierung van raad oor die grondslag van hulle programme in ervaringgerigte leer en leierskapsontwikkeling, asook oor kortkursusse by die FVZSI. Sodoende word toegang tot aanlyn platforms verbeter, bemoontlik en uitgebrei, en word transformerende studente-ervarings oor die instelling, die kontinent en die wêreld heen gefasiliteer.
- **Studenteregierung** is ons kantoor wat etiese oorsigbestuursbeginsels rakende studente bevorder te midde van oorsigbestuursuitdagings in die 21ste eeu in Suid-Afrika en Afrika, en wêreldwyd. Ons volg die US se Kokurrikulêre Vaardighedsraamwerk en kenmerke van US-gegradueerdes as riglyne om aan studenteleiers geleenthede vir leierskapsontwikkeling te bied wat hulle bemaatig om oplossings te formuleer vir die kompleksiteite en uitdagings waarmee studenteleiers vandag te kampe het.

Die SSLS is in 2020 tot die Sentrum vir Studenteleierskap, Ervaringgerigte Opvoeding en Burgerskap (SSLEOB) herdoop.

Die SSLEOB het verskeie hoogtepunte beleef wat ons kan vier:

- 1) Ons het in 2020 die eerste Internasionale Konferensie oor Ervaringgerigte Opvoeding in Afrika (die SUEEC) aangebied. Dit het uitloop op die stigting van die Praktyk-gemeenskap vir Ervaringgerigte Leer in Afrika, die vaslegging van ervaringgerigteleerteorie, die formulering van die US se Vaardighedsraamwerk en sleutelterminologie (bv. 'ervaringgerigte

opvoeder' en 'studente-ervaringgerigte opvoeder') binne die kokurrikulêre ruimte aan die US, en die formalisering van meer as 40 kokurrikulêre programme oor afdelings en fakulteite heen om erkenning op die akademiese transkrip te ontvang en in die SUNLearn-LBS vas te lê.

- 2) Ons het in 2021 die bekendstelling van die eerste Afrikanetwerk vir Studenteleiers (Eng. IASLN) in samewerking met USI aangebied, en geleenthede vir die SR en TSR uitgebrei om ander Afrikalande en -instellings (in Ghana en Nigerië) te besoek om oor leierskap en kultuur te leer.
- 3) OnshetdiejaarlikseStudenteleierspitsberaad vir Aspirantleiers (Eng. LSAL) aangebied en dit na ander hoëronderwysinstellings in Suid-Afrika help uitbrei. Deur middel van internasionale samewerkende inisiatiewe het ons ook ons geleenthede vir kritiese omgang wêreldwyd uitgebrei.
- 4) Ons het leierskapsprogramme vir die kontinent gekoördineer (bv. die program Afrikaleierskapontwikkeling) en omvattende ondersteuning uitgebrei (bv. aan studente in die Ikusasa-finansiëleondersteuningsprogram vir studente, oftewel ISFAP) deur middel van pasgemaakte programme soos die

Program in Universele Vaardighede en die ISFAP-program vir gegradueerdes.

- 5) Al meer studente verwerf spesifieke bevoegdheids by wyse van ervaringgerigte opvoeding wat hulle kenmerke as gegradueerdes ondersteun, en ontvang erkenning op hulle akademiese transkrip vir hulle kokurrikulêre betrokkenheid en die kortkursusse wat hulle afhandel wat deel van die SSLEOB se formele aanbod is. Dit help verseker dat hulle tot beter studente, beroepslui en burgers ontwikkel; dit wil sê, afgeronde mense, dinamiese beroepslui, kritiese denkers en betrokke burgers.

Die SSLEOB het op Maandag 25 Oktober 2021 'n virtuele vyfjaarviering gehou waartydens ons die kollig op samewerking met studente as ervaringgerigte opvoeders laat val het.

Kokurrikulêre aktiwiteite vir erkenning op die akademiese transkrip

Die Komitee vir Kokurrikulêre Erkenning (KKE) het op 26 Augustus en 23 September 2021 vergader en die onderstaande kokurrikulêre aktiwiteite goedgekeur vir erkenning op die akademiese transkrip.

KOMITEE VIR KOKURRIKULÊRE ERKENNING GOEDGEKEUR IN AUGUSTUS-SEPTEMBER 2021 VIR ERKENNING OP DIE AKADEMIESE TRANSKRIP				
Afdelings/fakulteite wat verteenwoordig is	SUNLearn-kode	Kategorie van erkenning	Naam van aktiwiteit, module of eenheid	Naam van ervaringgerigte opvoeder(EO) of studente-ervaringgerigte opvoeder (SEO)
Studentesake-SSLEOB: Kokurrikulumkantoor	CC00021	Akademiese Leierskap	Gemeenskaplike Medemenslikheid	Me Ruth Andrews (EO) Mnr Fanelesibonge Ndebele (EO)
Studentesake-SSLEOB: Kokurrikulumkantoor	CC00037	Studenteleierskap	Ontwerp vir Transformerende Ervaringgerigte Leer	Me Ruth Andrews Me Kate Roodt Mnr Ramone Comalie
Studentesake-SSLEOB: Studenteregering	CC00038	Studenteleierskap	Tygerberg Inisiatief vir Nagraadse-studenteleierskap	Me Mbali Mkonza Me Dannielle Moore Me Gabriela Carolus
Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe	CC00039	Interkulturele Omgang	Innovering vir Globale Klaskamer-demokrasie	Mnr Matthew Wingfield
Studentesake-SSVO	CC00040	Gesondheid en Welstand	Studentegeestes-gesondheid en -welstand	Me Keesha James Me Unopachido Mubaiwa

Tabel 5: KKE-goedgekeuring vir erkenning op die akademiese transkrip

Frederik van Zyl Slabbert Instituut vier 10 jaar

Die Frederik van Zyl Slabbert Instituut vir Studenteleierskapsontwikkeling (FVZSI), wat onder die SSLEOB ressorteer, bied 'n hele reeks kortkursusse en geleenthede vir kritieke omgang aan. Die kortkursusse word op die akademiese transkrip erken en het 'n geïntegreerde komponent oor kritiese omgang wat US-studente se blootstelling uitbrei by wyse van omgang met alumni, lede van die publiek en internasionale studente. Benewens hulle formele programaanbod bied die FVZSI ook 'n reeks pasgemaakte programme aan internasionale hoërondewysvennote (in samewerking met USI) sowel as pasgemaakte programme vir ander hoërondewysvennote in die Wes-Kaap.

Die FVZSI eer die nalatenskap van 'n groot Suid-Afrikaanse denker, die ontslapen dr Frederik van Zyl Slabbert. Dr Van Zyl Slabbert was bekend vir sy verbondenheid tot leierskap by wyse van integriteit, samewerkende betrokkenheid en verantwoordbaarheid, en hy het kritiese omgang onder diverse gemeenskappe aktief bevorder. Die FVZSI bemoontlik steeds hierdie en ander noodsaaklike kenmerke van leiersfigure ter ondersteuning van die US se visie van 'n instelling wat gegradueerdes aflewer wat aktiewe, betrokke burgers is en tot die voorspoed van die wêreldgemeenskap kan bydra.

Die FVZSI vier tans ons tiende bestaansjaar nadat die Instituut in Maart 2011 gestig is. Ons het ons aanbod meer vaartbelyn gemaak om meer substansiële strategiese belyning met die US se visie te verseker asook met die SSLEOB se visie om 'n geïntegreerde benadering van ervaringsgerigte opvoeding te bied. Hierin werk ons saam met ander SSLEOB-portefeuljes, naamlik die Kokurrikulumkantoor, Aanlyn Programaanbod en Studenteregierung. Sodoende verseker die FVZSI deur ons aanbod dat die SSLEOB tot die uitbreiding van die leierskapvoerkanaal aan die US bydra.

Duisende jong leiers het in die tien jaar van die Instituut se bestaan by ons leierskapsprogramme

gebaat. Hierdie aanbod het aan die hand van die volgende sleutel- strategiese veranderings ontwikkel:

- 'n bewustelike fokus op 'n driefasige programvernuwingsproses wat in 2018 begin het en ingestel is op –
 1. gehalteversekering van alle kortkursusinhoud wat in medewerking met fakulteitslede of vakkundiges ontwikkel is om 'n metodologiese benadering tot leierskapsstudies te verseker;
 2. heroorweging van assessering sodat dit sterker met die ontwikkeling van die kenmerke van US-gegradueerdes belyn is, en
 3. die uitwissing van gedupliseerde aanbiedings binne die kokurrikulêre omgewing en die skepping van meer inhoud wat vir die sosiale konteks tersaaklik is;
- die standaardisering van alle kursusse wat struktuur en lewering (fasiliteringsmodus) betref om te verseker dat kursusgangers aan die ontwikkeling daarvan meewerk en betrek word;
- riglyne aan vakkundiges vir die verpakking van kursusinhoud met die oog op aanlyn leer, in ooreenstemming met leerdoelwitte en uitkomst;
- sterker belyning met die portefeulje vir kritiese omgang, ingebou in alle kortkursusse wat verpligte modules is – dié portefeulje is doelbewus vanaf blote “kritiese betrokkenheid” na “konstruktiewe betrokkenheid” herfokus om studente aan te moedig om oor hulle rol as aktiewe burgers te besin;
- uitbreiding van toegang deur vennootskappe met 12 hoërondewysvennote te sluit, onder meer met TBOO-kolleges;
- nuwe samewerking met internasionale vennote soos Doha Debates – die uitbreiding van ons eksterne en internasionale vennote het ons in staat gestel om studente 'n breër verskeidenheid geleenthede vir kritiese

omgang te bied, asook globale blootstelling deurdat hulle saam met studente vanoor die wêreld daaraan deelneem;

- uitbreiding van samewerkende ondernemings met interne vennote soos USI, Sosiale Impak, en Transformasie, en vanuit die breër Studentesake-konteks;
- behoud van tersaaklikheid deur studente-leierskapstendense in hoër onderwys dop te hou en daarvolgens nuwe kursusse te ontwerp – soos die kortkursus Gesondheid en Leierskap, wat geestesgesondheid binne die studenteleierskapsomgewing hanteer;
- aanlyn aanbiedings wat nou groter skakeling met hoëronderwysvennote moontlik maak;
- konstante groei in kursusinskrywings en borgskappe – dit was besonder duidelik in 2021, toe alle kortkursusse aanlyn aangebied is;
- deurvoering van 'n geslaagde strategie vir sosialemedia-skakeling, wat tot inskrywings

en aktiewe deelname via sosiale media opgelewer het; en

- 'n ontleding van die leierskapvoerkanaal aan die US, wat hernude fokus op “aspirantleiers” meegebring het – 'n driefasige aanlyn loodsprogram is in 2020 ingestel en sal die basislyn uitmaak waarvolgens die uitwerking op formele leierskapstrukture gemeet sal word.

Die FVZSI het 'n virtuele tienjaarviering gehou, wat met die gesogte jaarlikse FVZS-gedenklesing op Maandag 29 Maart 2021 saamgeval het. Die opwindende program het die ontslape dr Frederik van Zyl Slabbert se werk gehuldig en terselfdertyd studentesukses gevier. Die FVZSI het die viering gebruik om te besin oor hulle groei en ontwikkeling oor die jare heen en oor die uitwerking van die Instituut se aanbod op studente-leiers; om met deelnemers via die FVZS-gedenklesing te skakel, wat getoon het hoe dr Van Zyl Slabbert se werk – wat demokrasie in Suid-Afrika voorafgegaan het – tersaaklik bly; en om die bydraes deur studente en hulle talente by wyse van die gesproke woord te vier.



Bo: Die program is deur Heidi October (Adjunkdirekteur: SSLEOB, Hoof: FVZSI) en Spurgeon-Haddon Wilson (Programbestuurder: FVZSI) behartig en deur Kristan Sharpley (Programkoördineerder: FVZSI) gemodereer.

Onder, van links na regs: Deelnemers aan die FVZS-gedenklesing: Ebrahim Fakir (Direkteur van Programme: Auwal Socio-Economic Research Institute [ASRI], Johannesburg), regter Rudolf Mellinghof (voormalige regter van die Federale Konstitusionele Hof en President van die Hooggeregshof vir Finansies in Duitsland) en gedenklesing-gasspreker regter Dennis Davis (voormalige regter van die Hooggeregshof van Suid-Afrika). 35

RegistreerAlmal-veldtog		
Finansiële steun	Getal ondersteunde studente	Bedrag registrasiegeld
Voorgaadse studente	18	R171 540,00
Nagraadse studente	14	R76 983,33
Totaal vir veldtog	32	<u>R248 523,33</u>

Tabel 6: RegistreerAlmal-veldtog

SR- en studentevrywilligersteun vir registrasiegeld

SR se RegistreerAlmal-veldtog

Die SR het 'n geslaagde RegistreerAlmal-veldtog gevoer en 32 studente (voorgaads sowel as nagraads) met registrasiegeld bygestaan. Tabel 6 toon die finansiële uiteensetting van die RegistreerAlmal-veldtog.

Die SR het ook op die volgende maniere steun verskaf:

- Het studente in die Werkgroep oor Studenteskuld verteenwoordig.
- Het die #Action4Inclusion-veldtog ondersteun om fondse vir die delging van studenteskuld in te samel.
- Het 40 studente ondersteun om 'n leierskapkortkursus van die FVZSI by te woon.
- Het saam met ander belanghebbendes gewerk om tydelike verblyf, koshuisplasing, geldelike bystand of bystand met registrasie aan studente te verskaf.
- Het die Finansiëlbystandskomitee gestig

om studente te ondersteun wat die SR om finansiële bystand nader.

- Het tydens die studenteopstande met agting en 'n professionele ingesteldheid met die US Bestuur beraadslaag om 'n werkbare oplossing te vind vir die finansiële kwessies wat die protesgangers geopper het.
- Het met Kliëntediens in vennootskap gegaan om tydens die registrasietydperk buite Admin A doeltreffende eerstelinie-ondersteuning met navrae te verskaf.

Module in Gemeenskaplike Medemenslikheid

Ons besef ons verantwoordelikheid om studente voor te berei op burgerleierskap in VUCA-tye – tye wat deur onbestendigheid (*volatility*), onsekerheid (*uncertainty*), kompleksiteit (*complexity*) en onduidelikheid (*ambiguity*) gekenmerk word. Daarom het die SSLEOB 'n spesiale module ontwerp om studente daarop voor te berei om tot sosiale geregtigheid in ons tydvak by te dra. Die module Gedeelde Medemenslikheid, wat vir alle studente in hulle tweede jaar of verder aangebied word, behels sewe sessies oor kritisiteit onder leiding van wêreldbekende vakkundiges (uiteengesit in Tabel 7).

GEMEENSKAPLIKE MEDEMENSLIKHEID: MENSLIKE VERBONDENHEID IN 'N KOMPLEKSE WÊRELD. 7 SESSIES OOR KRITISITEIT

SESSIE	INTYDS	DISSIPLINE	DOSENTE	KRITIESE VRAAG
Sessie 1	10 April	Agtergrond	Dr Jess Auerbach (NWU)	Konteks in die werklike wêreld
Sessie 2	20 April	Ontstaan	Prof Jonathan Jansen (US)	Wat is die teenwoordige verlede, en hoe kan ons dit hanteer?
Sessie 3	18 Mei	Wetenskap en tegnologie	Dr Mpho Tshivhase (UP)	Wat is die vrae rakende kunsmatige intelligensie?
Sessie 4	8 Junie	Gesondheid en geskiedenis	Prof Howard Phillips (UK)	Wat is daar uit vorige pandemies te leer oor die huidige en toekomstige pandemies?
Sessie 5	14 Aug	Regsgeleerdheid	Prof Thuli Madonsela (US)	Kan die reg sosiale geregtigheid bewerkstellig?
Sessie 6	31 Aug	Die Ervaring van Sigbaarwording	Prof Elmarie Costandius (US)	Die politiek van ruimte en plek
Sessie 7	14 Sept	Burgerleierskap	Prof Jonathan Jansen (US)	Ubuntu – ek is omdat jý is

Aangesien dit 'n interdisiplinêre module is, dra 'n diverse poel denkleiers en NNS-gegradeerde akademiëci vanuit vier SA universiteite saam intellektuele verantwoordelikheid vir die gepaardgaande leer en onderrig. Hulle het tot die konseptualisering en module-inhoud oor sosiale geregtigheid, demokrasie en burgerleierskap bygedra. Aan die kern van die module lê gedragsverandering rakende die modellering van burgerleierskap. Die module word tans vir die tweede jaar aangebied, en 118 studente vanuit al 10 fakulteite is daarvoor ingeskryf.

7.2.2.3 Tygerberg Studentesake se Opeweek


Die doel van die Opeweek-reeks was om bewustheid te skep van die studentesteun en aanbod vir leierskapsontwikkeling wat die Tygerberg Afdeling Studentesake aanbied. Die teikengehoor het alle studente en nie-Studentesake-personeel op die Tygerberg-kampus ingesluit, met die oogmerk om gelyke toegang tot die steunaanbod te verseker en terselfdertyd 'n omgewing te skep waar alle studente welkom voel. Vier aanlyn geleenthede is vanaf 19 tot 22 April via MS Teams gehou.

DIVISION STUDENT AFFAIRS
 INVITES ALL TYGERBERG STAFF AND STUDENTS TO THE

STUDENT AFFAIRS OPEN WEEK SERIES

A SHOWCASE OF STUDENT AFFAIRS OFFERINGS
 TO ANSWER ANY QUESTIONS YOU HAVE ABOUT
 STUDENT SUPPORT

LUNCH TIME SERIES FROM 19 APRIL – 22 APRIL 2021



19 APRIL

12.00 – 13.30 Meet the Senior Director: Student Affairs and key Student Affairs leaders to discuss important initiatives and the support structures available to students via Microsoft Teams.

20 APRIL

12.30 – 13.30 Join the Centre for Students Leadership Experiential Education & Citizenship via Microsoft Teams.

Students stand a chance to win one of 3 X R500 Take Alot Vouchers for participation

21 APRIL

12.30 – 13.30 Join the Centre for Student Counselling and Development via Microsoft Teams.

Students stand a chance to win one of 3 X R500 Take Alot Vouchers for participation

22 APRIL

18.00 – 19.00 Join the Centre for Students and Communities via Microsoft Teams.

Students stand a chance to win one of 3 X R500 Take Alot Vouchers for participation




Studentesake Opeweek-program.

7.2.3 Eenheid vir Gelykwaardigheid

Die EvG het verskeie veldtogte en aanlyn geleenthede onderneem wat op studente sowel as personeel ingestel was met die besondere oogmerk om bewustheid van verskeie onderwerpe te verhoog en gespreksvoering daarvoor aan te moedig. Die volgende veldtog en geleenthede is gehou:

1. EvG en MH samewerkende inisiatief vir personeelwelwees
 - Webinaar oor hoe om die mites oor toksiese manlikheid te vernietig: positiewe manlikheid, intergendertrauma wat mans se welstand aantas, en die uitwerking daarvan op GGG.

- Vroue as bondgenote in hoër onderwys: toksiese feminiteit, en vroue as bondgenote in ruimtes van hoër leer.
- Grense by die werkplek en die wan-kommunikasie en misverstand van boodskappe tussen kulture, ouderdomsgroepe en geslagte: kommunikasie oor ouderdoms- en kultuurgroepe heen, die misverstaan van taal en onderliggende boodskappe, geestesgesondheid, subtiele boodskapoordrag, onbewustelike gebruik van flankerende taal, en hoe emoji's verkeerd vertolk word.



MITE: Emoji's is net emoji's
Uitnodiging: Werkspleksgrense: Verkeerde kommunikasie en misinterpretasie van boodskappe tussen kulture, ouderdomme en geslagte

U word uitgenooi om 'n gesprek by te woon tussen Qaqamba Mdaka, Gevallekoördineerder by die Eenheid vir Gelykheidwaardigheid, en Kiniese sielkundiges, Kevashini Govender-Naidoo en Ayesha Booley-Schreuder. Die drie sal grense in die werksplek bespreek met 'n fokus op kommunikasie tussen verskillende ouderdomme, kulture en die misinterpretasie van taal en subteks, geestesgesondheid en subtiel blywende, onbewustelike gebruik van flirterige taal en hoe emoji's verkeerd geïnterpreteer kan word.

Datum: 30 September 2021 | **Tyd:** 13:00 - 14:00
 Vir meer inligting, kontak Nadine Christians by nchristians@sun.ac.za.



MITE: DAAR BESTAAN NIE IETS SOOS GIFTIGE VROULIKHEID NIE.

Kom ons praat oor **vroue as bondgenote** in hoër onderwys.

UITNODIGING: Gesels saam met **Bonita Maboeta**, Senior Welstandspesialis, Mense en Kulture, aan die Noordwes-Universiteit, en **Katlego Letonkane**, Programbestuurder: Kapasiteitsontwikkeling aan die Universiteit Stellenbosch, terwyl ons giftige vroulikheid en vroue as bondgenote in hoër onderwys uitpak.

Datum: Dinsdag, 31 Augustus 2021 | **Tyd:** 12:45 - 14:00
 Stuur 'n e-pos aan Nadine Christians by nchristians@sun.ac.za om jou plek te bespreek.

Verwerp die mites rondom giftige manlikheid

Mite: Manlikheid kan nie positief wees nie.

- Manlikheid kan uiters positief wees. Op sigself is manlikheid natuurlik, goed en noodsaaklik vir die voortbestaan en evolusie van ons spesie.
- Positiewe manlikheid is hoe manlike energie - wanneer dit bewustelik gekalibreer is, slim vasgestel word en slim toegeëien word - moedig lewewend is, bemoedig bemagtiging en is hewiglik invloedryk vir individuele mans en almal in hul lewens. (Bron: www.menscenter.org)

Uitnodiging na "Intergenerasionele-trauma wat die welstand van mans beïnvloed en GBV Impak" webinar

Sluit aan by Shibu Mamabolo, US-Hoof van Werknemerswelstand, sal op Woensdag, 30 Junie 2021 om 13:00 in gesprek tree met Given Sigauwe, Eenheidsbestuurder vir Kommunikasie en Strategiese Inligting by Sonke Gender Justice. Klik op die skakel om aan te sluit: <https://bit.ly/3pLNXt>. Vir meer inligting, kontak Nadine Christians by nchristians@sun.ac.za.

2. Veldtog teen kuberboelies

Die oogmerk van hierdie aanlyn veldtog, wat op US-studente ingestel was, was om die soeklig op kuberafknouery te werp, asook op verantwoordelikheid en verantwoordbaarheid wanneer inligting aanlyn geplaas en uitgeruil word. Bewustheid is op sosialemedia-platforms

verhoog. Die veldtog het 'n webinar met sosialemedia-kenner Emma Sadleir ingesluit, asook drie intydse Instagram-besprekings wat onderskeidelik oor kuberafknouery en seksuele teistering, kuberafknouery en queerfobie, en kuberafknouery en aanmelding gehandel het. Ander onderwerpe waaraan aandag geskenk is, is ras, geslag, hare en gestremdhede.

DON'T cyberbully
 Kuberafknouery is 'n vorm van mishandeling en teistering.

Om voorvalle van kuberafknouery, onbillike diskriminasie of teistering aan te meld, kontak die Eenheid vir Gelykheidwaardigheid by unfair@sun.ac.za of skakel 021 808 3131.

DON'T cyberbully
 Jy hoef nie 'n filter te gebruik om aanvaar te word nie.

Om voorvalle van kuberafknouery, onbillike diskriminasie of teistering aan te meld, kontak die Eenheid vir Gelykheidwaardigheid by unfair@sun.ac.za of skakel 021 808 3131.

DON'T cyberbully
 "Dit is 'n foto wat nagmerries sal veroorsaak. Bly in die kas."

Om voorvalle van kuberafknouery, onbillike diskriminasie of teistering aan te meld, kontak die Eenheid vir Gelykheidwaardigheid by unfair@sun.ac.za of skakel 021 808 3131.

UITNODIGING
 Kuberafknouery en die wet


Sluit by ons aan vir 'n praatjie oor kuberafknouery en u regte, deur prokureur en sosiale media-regskenner, Emma Sadleir.

Datum: Woensdag, 11 Augustus 2021
Time: 13:00
 Registreer voor 6 Augustus 2021

Vir meer inligting, kontak Nadine Christians by nchristians@sun.ac.za

DON'T cyberbully
 THINK BEFORE YOU CLICK

Om voorvalle van kuberafknouery, onbillike diskriminasie of teistering aan te meld, kontak die Eenheid vir Gelykheidwaardigheid by unfair@sun.ac.za of skakel 021 808 3131.



Getal persone wat deur die veldtog bereik is.

3. Genderstudies tydens Vrouemaand
Die Eenheid het die volgende drie webinare aangebied –

- Patriargie vs Persone
- Hoe musiek ons persepsies van geslag beïnvloed
- GGG

4. Poskantoor na Parlement (P2P)-veldtog
Die EvG het met die Uyinenene Mrwetyana Stigting in vennootskap gegaan om bewustheid van die Stigting se P2P-veldtog te skep.

5. SOI-en-kondoomweek

Die EvG het, in vennootskap met Hoër Gesondheid en Sonke Geslagsgeregtigheid, die Eenheid se jaarlikse SOI-en-kondoomweek van 15 tot 18 Maart 2021 op die Tygerberg-kampus aangebied. Meer as 1 670 Tygerberg-studente het vir siftingstoetse van hulle bloeddruk en suikerglukose, asook vir sifilis, MIV en TB gekom. Gratis kondome, smeermiddel, swangerskaptoetse en inligtingstukke is onder studente uitgedeel.



Eerste Dinge Eerste: veldtog vir MIV-toetsing en Welwees.

Die Eenheid het internasionale studente wat USI se *Global Education Programme* (GEP) bywoon, terugverwelkom by die EvG se semesterkursus Verstaan MIV in Suid-Afrika: 'n Perspektief op Gesondheid en Sosiale Geregtigheid. Hierdie kursus fokus op MIV, geslag en LGBTQIA+ binne die konteks van sosiale geregtigheid: om die nodige kennis, vaardighede en ingesteldhede by studente as

leiers en toekomstige beroepsleë te kweek en te ontwikkel; om te bevraagteken, te ontleed en debat te voer; om denkwyses te verander wat GGG, seksuele gesondheid en seksuele diversiteit betref; en om wanopvattinge af te leer en van die uitwerking van stigmatisering en diskriminasie bewus te maak.

Die EvG se befondsingsaansoek by 'n getroue vennoot, Hoër Gesondheid, het geslaag en befonding van R500 000 is aan hulle toegeken. Die befonding sal die institusionele benadering op die volgende gebiede stuur: MIV, SOI, GGG, LGBTQIA+, gestremdhede, middelmisbruik, geestesgesondheid en COVID-19.

'n Aanlyn instrument vir die aanmelding en monitering van onbillike diskriminasie en teistering word tans deur 'n eksterne diensverskaffer ontwikkel om die aanmelding van voorvalle deur US-personeel en studente meer vaartbelyn te maak.

7.3 Doelgerigte vennootskappe en inklusiewe netwerke

7.3.1 Leer- en Onderrigverryking

Die Taalsentrum tree in vennootskap met die Universiteit van Bologna

Die Taalsentrum kon in 2021 voordeel uit 'n bilaterale ooreenkoms met die Universiteit van Bologna (UNIBO) put. As deel van hulle navorsingsbedrywighede het die Taalsentrum se Tolkdienst op 8 Julie 'n aanlyn werksessie met die Departement Tolking en Vertaling aan UNIBO gehou. Een van die sleuteldoelwitte van die sessie was om die tegnologie te evalueer wat vir aanlyn afstandstolking gebruik word. UNIBO het hulle benadering tot opvoedkundige tolking met die hulp van navorsers en praktisyns aan die US gemodelleer as deel van 'n bilaterale vennootskap en internasionale uitruiling. Hulle het ook hulle eie platform vir ryker interaksie tydens aanlyn getolkte lesings ontwerp. Opvoedkundige tolke aan die US gebruik op die oomblik MS Teams. Hoewel dit 'n nuttige hulpmiddel is, hou dit sekere beperkings in aangesien dié toep nie 'n ingeboude raakvlak vir

tolking het nie. Die breër gesprek het kwessies soos tolkbevoegdheid, die behoefte aan spesialisering in sekere akademiese rigtings en die belangrikheid van verhoudingsbou tussen tolke en dosente ingesluit. Dit was 'n besonder belangrike geleentheid in die lig van UNIBO se ryk tradisie van navorsing oor tolking, en die potensiaal vir navorsingsuitruiling op gebiede soos kognisie en korpusgebaseerde studies oor tolking en vertaling.

Telematiese Skole Projek

Die Telematiese Skole Projek is 'n gesamentlike onderneming tussen die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) en die US. Samewerking het in 2009 begin met die oogmerk om opvoeding deur middel van tegnologie te ondersteun. Die aanvanklike 10 skole het na 1 300 satelliet-skole uitgebrei, en alle skole landwyd het via stroming toegang tot video's, werkboeke en ander aanlyn inhoud van goeie gehalte op 'n nulkosteswebtuiste. Deelnemers kan inhoud kyk en toegang daartoe verkry óf vanaf hulle skool óf vanuit die gerief van hulle huis. Die Projek ondersteun leerders en onderwysers deur inhoud in 17 vakke te verskaf, in Engels sowel as Afrikaans, asook opleiding aan onderwysers vir professionele ontwikkeling in vakinhoud en fasette van persoonlike ontwikkeling. Die Telematiese Skole Projek gaan van krag tot krag. Die Projek het die eindronde in die kategorie Innoverende Benutting van Tegnologie in die landwyse CPSI-toekennings vir Innovering in die Openbare Sektor ontvang, en het hulle tweede prys by die prysuitdeling op 26 Februarie in ontvangs geneem. Die innovering wat huidig ontwikkel word, is die graad 11-hersieningsprogram, die inkorporering van SA Gebaretaal (SAGT) in die hersieningsprogramme, opleiding vir die aanbieders en die ontwikkeling van Xhosa-lesse.

ADUN (Afrika- Digitale Netwerk)

ADUN het hulle eerste werkgroep onder leiding van die Sentrum vir Leertegnologieë (SLT) onderneem. Dit behels 'n reeks van 10 aangevulde webinare wat in 2021 aangebied is, met digitale pedagogie vir opvoedkundige omgewings in noodsituasies as die breë tema. Dit

was in samewerking met AUN4HEiE (aun4heie.net), die Afrika-universiteite-netwerk vir Hoër Onderwys in Noodsituasies. AUN4HEiE is 'n netwerk onder Afrika-universiteite wat daarop fokus om vir vlugteling op die kontinent diplomaprogramme aan te bied wat op indiensnemingspotensiaal konsentreer. Die aangevulde webinar fokus op digitale pedagogieë wat dosente ondersteun wat met vlugteling in verskillende kontekste werk.

7.3.2 Eenheid vir Gelykwaardigheid


Die EvG staan aan die stuur van die formulering van 'n institusionele strategie vir GGG om 'n Universiteitswye aksieplan doeltreffend deur te voer. Die aksieplan wil toegewese GGG-forums of komitees in alle fakulteite, departemente en sentrums insluit.

7.4 Genetwerkte en samewerkende onderrig

7.4.1 Leer- en Onderrigverryking

Podsendings en die gehalte daarvan

Hoewel dit, weens probleme met bandwydte gedurende die pandemie, in 2020 onuitvoerbaar was om omvangryke intydse gesproketaal-tolking aan studente te bied, het die Taalsentrum se Tolkdiens dosente en studente ondersteun deur oudiovertalings van lesingmateriaal (hetsy PowerPoint-aanbiedings, SUNLearn-inhoud of podsendings) te maak—in Afrikaans en Engels (en Xhosa, waar die pedagogiese behoefte bestaan het). Meer as 1 250 vertalings van podsendings is geskep sedert die grendelmaatreëls ingestel is. Hierdie dataligte opnames van lesings (podsendings) het 'n bepalende rol in ERTLA ingeneem, deels as beleidsbestuursoplossing maar ook as waardevolle pedagogiese hulpbron vir aanlyn leer. Nadat die US in 2021 ARTLA ingestel het, en lesingopnames 'n voortgesette bepalende rol in studente se gedifferensieerde leerervaring vervul het, het gehalteversekering nog noodsaakliker geraak. Samewerkende gehaltekontroliering van vertaalde podsendings is gevolglik uitgebrei om meer dosente en vakgebiede in te sluit.



Die Uitgebreide Leerruimtes toerusting

Opleiding vir Uitgebreide Leerruimtes (Eng. ELS)

Al **67 lokale op die Stellenbosch- en Tygerberg-kampus** wat deel van Fase 1A van die projek vir uitgebreide leerruimtes uitmaak (ELS), is voltooi. Daar is **19 bykomende lokale** wat nie deel van die amptelike ELS-projek uitmaak nie, maar wat dieselfde toerusting volgens ELS-standaarde het en die **groot totaal op 86 voltooide lokale** te staan bring.

Gestandaardiseerde audiovisuele en netwerktoerusting is in hierdie lokale geïnstalleer om 'n geïntegreerde oplossing te bied sodat fisieke leerruimtes uitgebrei kan word om studente vanaf orals en enige plek te kan insluit. Die interaksie, beelde en video in die lokale word intyds via MS Teams gestroom, en volledige interaksie (met stem- sowel as kletsfunksie) is ook via MS Teams beskikbaar. Die uiteindelijke doelwit is dat die aanlyn intydse studente-ervaring en die gehalte daarvan soortgelyk aan studente se inklaservaring sal wees. Sodoende word ons bestaande leerruimtes optimaal benut deurdat die reikwydte daarvan tot 'n aanlyn omgewing uitgebrei word. Sulke sessies kan ook opgeneem word sodat studente die lesing agterna op SUNLearn kan volg. Die hele stelsel is geoutomatiseer, intuitief en gebruikersvriendelik, en die dosente ontvang die nodige opleiding. Die feit dat die oplossing gestandaardiseer is, fasiliteer ook eenvoudiger ondersteuning en instandhouding, en maak dit repliseerbaar in ander lokale en omgewings.

Funksionele oriëntering en opleiding is verskaf aan **77 aangewese fakulteitspersonelede**, waaronder dosente, administratiewe

personeel en RGA-personeel (by die rekenaargebruikersareas). Weens die omvang van die projek is 'n opleiding-vir-die-opleier-model toegepas waarvolgens die aangewese fakulteitspersoneel hulle kollegas in die fakulteit oplei om die stelsel te gebruik. Die projek beoog om sodoende te verseker dat gebruikers by medegebruikers leer en dus prakties goed voorbereid op veranderde stelsels sal wees. Ondersteuningsdokumente en 'n gebruikershandleiding, asook 'n dokument met verkorte standaard- operasionele prosedures (SOP's), is opgestel en binne die fakulteite versprei. Ondersteunende dokumente is ook aan die onderskeie RGA's beskikbaar gestel om op die lesingpodiums in die betrokke lesinglokale aan te bring. Die SLT se webblad (www.sun.ac.za/clt) het 'n spesiale ELS-blad wat gebruikers toegang tot die ondersteuningsdokumente gee en wat hulle na die ELS-dienstoonbank verwys om 'n opleidingsessie te bespreek. Skakels word tans ingevoeg tussen hierdie blad en die SUNLearn-blad wat aan dosente ondersteuning met aanlyn onderrig bied. Hierdie skakels sal navigering vanaf SUNLearn en die SLT-webblad en die ELS-dienstoonbank vereenvoudig.

Auxins


Die volgende Auxin-sessies is vanjaar aangebied –

- 23 Maart: Prof Robbie Pott (Departement Prosesingenieurswese) het bepleit dat die akademikus se navorsings- en onderrigrol in ewewig gebring moet word. Hy het geput uit sy ervaring as wenner van die US Toekenning vir Voortreflike Onderrig in 2020 en sy ervaring met die US Onderrig- en Leerbeleid.
- 13 April: Dr Nompilo Tshuma (Departement

Kurrikulumstudies en die Sentrum vir Hoër en Volwasse Onderwys) het oor nagraadse studiebegeleiding gepraat na aanleiding van data wat sy ingesamel het oor die studente-ervaring in die grendeltyd.

- 25 Mei: Dr Marnet Jordaan (Departement Joernalistiek) het vertel van haar ervarings in die ontwikkeling van 'n kennisvaardighedemodule vir eerstejaars.
- 20 Julie: Dr Margaret Blackie (Departement Chemie en Polimeerwetenskap en tans 'n US Onderriggenoot) het insigte gedeel uit 'n longitudinale interinstitusionele ondersoek na hoe chemiestudente kennisbegrippe ontwikkel.
- 24 Augustus: Dr Marianne Unger (Afdeling Fisioterapie, FGGW) het die 4C-ID-model vir kurrikulumontwerp ondersoek. Die aanbieding was 'n pleidooi dat kurrikula en vaardighede nie in kleiner deeltjies gekompartementaliseer en gefragmenteer moet word, en die wisselwerking tussen die dele gevolglik uit die oog verloor word, nie.
- 5 Oktober: Dr Marianne McKay (AgriWetenskappe) het 'n aanbieding gedoen oor ubuntu currere as 'n transformerende en dekoloniserende benadering tot kurrikula.

Verdere inligting en die opnames van hierdie sessies is op SOL se webblad beskikbaar: <http://www.sun.ac.za/english/learning-teaching/ctl/Pages/Auxin-Resources.aspx>.



Dr Margaret Blackie se Auxin-aanbieding op 20 Julie 2021.

And running on....



- Lecturers have a moral responsibility (Vorster and Quinn, 2017) to respect difference, to be concerned with wider issues
- We need to understand the structural, cultural and agential mechanisms that account for resistance to change and reluctance of academics to transform their practices. We should counteract the Replacement View of Change and the Sunk Cost fallacy (Buller, 2015)
- In HE "everything is relational" (Vorster and Quinn, 2017)
- Blackie et al (2010): we need to "consciously and deliberately attend to" the relational aspects of staff development, and asks us to take "the time, energy and resources necessary to treat each academic as a whole person, with individual needs, fears, strengths and weaknesses".
- "Growth, change and evolution" are an inherent part of life and that "truly transformative academic staff development requires a willingness from all of us to change ourselves, and to allow others to grow and change" (ibid).
- How to do this? Start with the self.

Dr McKay se aanbieding.

MSDF-, Oppenheimer- en Harry Crossley-befondsde ARTLA

Die Michael & Susan Dell Stigting (MSDF) en die Oppenheimer Gedenktrust (OMT) het die Universiteit 'n kostelose verlenging tot 30 Junie 2021 toegestaan om die befondsing wat ons in 2020 ontvang het, te bestee. Dit het fakulteite in staat gestel om bykomende tutorwerksaamhede te befonds en op die suksesvolle ondernemings van 2020 voort te bou, waaronder:

- 'n aanlyn aanmeldingstelsel om maandelikse prestasie teenoor teikens maklik te monitor en gereeld met alle vennote te kan kommunikeer;
- bykomende tutorondersteuning in 22 534 gevalle, hoewel hierdie getal studente mag insluit wat in meer as een module van hierdie steundiens gebruik gemaak het;
- voorligtingssessies vir akademiese ondersteuning, wat deur byna 1 000 studente benut is en die SSVO se individuele en groepsessies, waarvan meer as 4 000 aangeteken is;
- die ontwikkeling van 'n e-boek oor e-welwees, *Entering the World of Digital Wellbeing*, wat ten doel het om lesers bewus te maak hoe dit belangrik is dat 'n mens jou dag-tot-dag-bedrywighede wat omgang met aanlyn platforms behels, krities sal beskou, en om lesers aan die verbandhoudende gedagte van digitale welstand bekend te stel;
- bykomende ondersteuning deur die Taalsentrum, onder meer deur die ontwikkeling van Skryflab-video's, video's oor nagraadse skryfvaardighede, webinare oor akademiese vaardighede vir voorgraadse studente, die ontwikkeling en oudiovertaling

van podsendinge en transkripsies, in-tydse tolking vir dowe studente en die ontwikkeling van 'n aanlyn voorassessering-plasingstoets in Engels.

Die projek is deur ALOV gekoördineer in samewerking met die visedekaan: L&O in elke fakulteit (buiten Krygskunde) sowel as die hoofde van SOL, die SLT, die Taalsentrum en die SSVU. Bykomend tot ALOV se eie moniterings- en evalueringsinisiatiewe het die Afdeling ook die dienste van 'n eksterne maatskappy bekom om die projek ekstern te evalueer.

Interkulturele Kommunikasie vir Ingenieurs voltooi 'n eerste semester

Professionele Kommunikasie, wat die afgelope 15 jaar 'n verpligte module vir alle eerstejaars was, is in die eerste semester van 2021 met Interkulturele Kommunikasie vir Ingenieurs vervang. Die oogmerk van die module is om studente op 'n diverse studie- en werksomgewing voor te berei deur hulle aan effektiewe interkulturele kommunikasie bekend te stel. Die module word deur personeel van die Taalsentrum aangebied en gefasiliteer, en getuig van die Fakulteit Ingenieurswese se verbondenheid daartoe om 'n diverse omgewing te fasiliteer wat kritiese en deelnemende gegradeerdes sal oplewer

wat hulle plek in 'n multikulturele samelewing kan inneem.

Twintig jaar van ondersteuning aan skrywers om gehoor te word waar dit saakmaak

In Junie vanjaar het die US Taalsentrum se Skryflab hulle 20ste bestaansjaar gevier. Die Skryflab het 'n lang pad agter die rug sedert dit 20 jaar gelede baie nederig begin het, in 'n konsultasievertrek wat by die US Departement Maatskaplike Werk geleen is. Dit is aanvanklik gekonseptualiseer as 'n verwelkomende en veilige ruimte waar studente en akademiese personeel oor hulle probleme met skryfwerk kon kom gesels. Die Skryflab-personeel word bygestaan deur ±35 nagraadse studente vanuit verskeie fakulteite wat as skryfkonsultante opgelei word. Party van hierdie konsultante raak lateraan self akademici en hou aan om skrywers te help ontwikkel. Die Skryflab het met 20 skrywers begin, maar werk nou met skrywers vanuit alle fakulteite oor alle US-kampusse heen. Hulle voer ±3 000 konsultasies per jaar. Sedert die pandemie uitbreek het, het die Skryflab aanlyn verskuif, en hulle dienste is steeds hoog in aanvraag. Teen die einde van Junie vanjaar is 1 649 konsultasies aanlyn gedoen, en 1 211 deelnemers het virtuele nagraadse skryfwerkssessies bygewoon.



Skryflab-personeel en konsultante (foto's van voor die pandemie)


Nagraadse Diploma in Hoër Onderrig (O&L)

Drie ALOV-personeellede het die elektiewe module Akademiese Leierskap gefasiliteer. Die eerste twee sessies het op 4 en 5 Augustus plaasgevind, en het op kontekstuele en konseptuele kwessies in HO (O&L) in Suid-Afrika gefokus. Prof Chris Winberg van KSUT was die genooide gasdosent en het insette gelewer oor HO in Suid-Afrika en oor die universiteit as 'n organisasie. Die kursus sal nie in 2022 aangebied word nie, aangesien dié jaar opsy gesit is om die kurrikulum te vernuwe.

Die oogmerk van die herkurrikulering is om die programme tot deelnemers buite die Wes-Kaap uit te brei. 'n Nuwe kohort sal in 2023 begin. Die US is tans die voorsitter van die streekskomitee vir die NG Dipl (HO) (O&L).

Hibriediese leer

Daar is sedert Junie 2020 drie uitnodigings aan fakulteite gerig om nuwe hibriedeseleer- (HL) aanbiedings vir ontwikkeling te benoem. Die eerste en tweede uitnodigings het verskeie programme, modules en leereenhede opgelewer wat tans onder ontwikkeling is vir instelling in 2022 en 2023.



Hibriedeseleer-aanbiedings wat in reaksie op die 1ste en 2de ronde aansoeke ingestel is. Die 3de ronde het op 25 Oktober 2021 afgesluit. Die volgende befondsingsuitnodiging sal in die eerste semester van 2022 aangekondig word

Die terugvoer vanaf studente en personeel oor hoe hulle hibridiese onderrig en leer ervaar het, was oorweldigend positief. Die eerste HL-program wat danksy die HL-sakeplan en verwante befondsingsteun ingestel kon word, is die Nagraadse Program in Strategiese Menslike Hulpbronne. Studente uit die eerste kohort (2021) wat ingeskryf het, was hoofsaaklik werkende beroepslui vanoor Suidelike Afrika, wat hoë verwagtings koester van 'n program wat die geleentheid belooft om by 'n span gesoute akademici en beroepspraktisyne te leer. Die terugvoer wat tydens die program ingesamel is, toon dat die deelnemers meer as tevrede [is] met dié “leerervaring van wêreldgehalte” wat die nuwe samewerking tussen die Departement Bedryfsielkunde en die Fakulteit EBW opgelewer het.

Die 227 studente wat die US se eerste reeks HL-eenhede (oor verhoogde wiskundige vaardigheidsvlakke) afgehandel het, het 'n soortgelyke positiewe leerervaring berig. Dosente het vermeld dat die hibridiese modaliteit aan voorgraadse studente beter begrip bied van

grondbegrippe in die wiskunde wat essensiële komponente van verskeie modules in die natuur- en ekonomiese wetenskappe uitmaak.

Die HL-span is ook aan die voorberei vir nuwe programme en modules wat volgende jaar ingevoer word. Byvoorbeeld, die tweede uitnodiging tot fondsaansoeke het tot die befondsing van 'n nuwe, gestruktureerde Meester in Ingenieursbestuur-program gelei. Die akademiese hoof van die program, prof Calie Pistorius, bedryfspraktisyne en akademiese personeel uit die Departement Bedryfsingenieurswese werk sedert Junie saam met die groeïende HL-span vir leerontwerp om die program vir deurvoering in 2022 gereed te kry. Die program sal na verwagting internasionale studente aantrek, veral werkende beroepslui, weens die buigsame skedule vir voltydse sowel as deeltydse studente. Die graad mag besondere belangstelling wek onder studente wat 'n trans-/interdisiplinêre aanbod soek wat sterk op opkomende tegnologieë ingestel is.

“The course exceeded even my wildest expectations. I was stretched and challenged but grew in my knowledge, competency and passion for our field. This course is world class and has transformed my approach and enabled me to apply myself to my craft in a practical manner.”

“It has been an enriching experience, where I gained far more than I had expected. The dedicated and exceptional group of lecturers and academic support staff possess an outstanding passion in their work and a considerable amount of experience. What an incredible journey. I am humbled, honoured and feel so fortunate to be taught by South Africa's cream of the crop; these are seasoned experts who know what they are teaching and imparting to students. The level of thoroughness is astounding; it is a very well planned out and executed course.”



Studentet terugvoer oor die loodsprogram (NG Dipl in MH-bestuur), wat as deel van die US se HL-strategie ingestel is

PREPARE TO SHAPE
A BETTER FUTURE

Stellenbosch University Faculty of Engineering is proud to announce the launch of an **exciting new hybrid online Masters Degree in Engineering Management**, specifically designed to equip early to mid-career engineers and scientists with the skills they require to manage engineering, technology, innovation, strategy, projects, people and places.

The degree is positioned to prepare leaders who will proactively **shape a better future**.

Die webblad vir 'n nuwe meestersprogram wat in 2022 ingestel word



Skermkote van sommige kursusse wat in die ontwikkelingsfase is, Mei tot Augustus 2021 (Ingenieurswese, EBW en FGGW)

Ter voorbereiding op die derde uitnodiging tot befondsingsaansoeke (aangekondig in Julie 2021) is 'n werksessie genaamd Hibridiese Leer: Strategiese Kursusportefeulje op 14 Julie 2021 aangebied vir die dekane, visedekane vir L&O, fakulteitsbestuurders en ander belanghebbendes aan fakulteite. Tydens die werksessie het die HL-projekbestuurder en 'n digitalebemarkingskenner met die fakulteite gesels oor benaderings om (a) hulle bestaande HL-inisiatiewe te verfyn en (b) nuwe geleenthede raak te sien deur verskeie bronne te ondersoek om markinsigte te bekom en opkomende tendense op tersaaklike gebiede raak te sien.

Die fakulteite is ook bekendgestel aan 'n interaktiewe “stel HL- strategiese hulpmiddels” wat strategiese beplanning op die kort en die lang termyn rakende hulle groeiende HL-aanbod kan stuur ooreenkomstig hulle fakulteit se missie en visie. Dit het gelei tot 'n voortgesette reeks fakulteitgebaseerde sessies vir HL- strategiese beplanning in samewerking met die HL-span om fakulteite te help om hulle befondsingsvoorstelle voor die sperdatum van 25 Oktober vir die derde befondsingsuitnodiging

gereed te kry. Die vierde en vyfde uitnodiging tot aansoeke sal in 2022 aangekondig word.

Soos die HL-sakeplan aandui, behels die HL-strategie ook dat 'n internasionale aanlyn leervernoot gekies word deur wie die US 'n breër internasionale studentemark kan bereik. Na 'n deurtastende jaar lange versoek om inligting (VOI) en 'n uiteindelijke tenderproses het die tenderkomitee (wat 'n diversiteit van US-omgewings, onder meer akademiese leierskap, ingesluit het) besluit watter vennoot geslaagd sou wees. Ten tyde van die uitreiking van hierdie verslag mag die US nog nie die vennootskap bekendmaak nie, aangesien die betrokke wetlike ooreenkoms nog geformaliseer word. Die tenderkomitee kan wel berig dat hierdie wêreldberoemde aanlyn verskaffer van aanlyn onderrig die US toegang tot 'n wydverspreide platform met enorme reputasiewaarde sal bied, asook tot waardevolle markinligting oor opkomende hoëronderwysmarkte.

Voortgesette programhersiening en -hernuwing

Verskeie projekte vir programhersiening en -vernuwing is in fakulteite aan die gang. Die

The screenshot shows the top of the Stellenbosch University website. The header has the university logo, '100' anniversary, and navigation links: Home, About, News, Staff, HL Offerings, The HL Team, and Frequently Asked Questions. The main banner features a photo of a building and an ambulance with the text 'Strengthen your confidence and capability to diagnose, treat and prevent common infectious diseases in Africa'. Below this is a section titled 'About Hybrid Learning' and a 'Why?' section with a 'Copy link' button.

Die HL-webblad bevat verdere inligting oor die HL-span se bedrywighede en toekomstige HL-aanbiedings

meeste daarvan word by wyse van die UCDG befonds. Hierdie projekte kan in drie kategorieë verdeel word: (i) fakulteitwye projekte, (ii) volledige programme wat tot 'n kwalifikasie lei en (iii) een of meer modules van 'n enkele kwalifikasie.

Daarbenewens is 'n navorsingsprojek onderweg om krities te besin oor die US-wye programvernuwingsprojekte wat gedurende die eerste siklus van UCDG-befondsing (2018 tot 2020) langs hierdie weg befonds is. Etiese klaring en institusionele toestemming vir hierdie projek is in November/Desember 2020 bekom. Dit sal die eerste sowel as die tweede UCDG-befondsingsiklus dek, en die spesifieke projek oor elke siklus bestaan uit twee fases waarvan die eerste fase al afgehandel is ('n aanlyn opname om basislynkwalitatiewe en -kwantitatiewe data te bekom). Die tweede fase, wat fokusgroepgesprekke met fakulteite behels, is byna afgehandel.

Ander projekte vir programhersiening en -vernuwing, wat nie deur die UCDG befonds

word nie, is ook onderweg. Hierdie projekte spruit dikwels voort uit vereistes deur statutêre beroepsliggame, soos in die geval van die PG Dipl in Verpleegkunde, BSc (Dieetkunde) en HonsBSc (Biokinetika).

Vernuftige Jaarboek-wysigings

Die verskuiwing na ERTLA en die hersiene benadering in 2021, ARTLA, het 'n behoefte geskep aan kritiese en kreatiewe besinning oor die modus van ons akademiese aanbod en die maniere waarop ons assesserings uitvoer.

Die Programadvieskomitee (PAK) het vinnig aangepas en voorgestelde Jaarboek-wysigings deur die jaar heen verwerk. Dit het onder meer ingesluit dat assesseringsplanne gewysig is om buigsame assessering in te werk, dat keuringsmaatstawwe aangepas en duidelik oorgedra is, en dat hibridiese leerbenaderings aangeneem is.

Die veranderings aan bestaande programme verdien vermelding.

Fakulteit	Program(me)	Jaarboek-wysigings wat oorweeg is
Regsgeleerdheid	LLB (4-jarig, voorgraads) LLB (2-jarig, nagraads) LLB (3-jarig, nagraads) BRekLLB BA (Regsgeleerdheid) BComm (Regsgeleerdheid)	Die US se reaksie op die Nasionale Kwalifikasiestandaard vir die Baccalaureus in Regsgeleerdheid (LLB) het voorwaardelike herakkreditering vir die LLB bekom, wat al die vermelde programme (sien links) beïnvloed het. Die Fakulteit het in 2018 'n proses van programhersiening en -vernuwing onderneem om vooruitgang, transformerende regsopleiding, dekolonisasie van die kurrikulum, en epistemologiese en pedagogiese diversiteit in berekening te bring in alle programme wat tot dié kwalifikasie lei. Die Fakulteit Regsgeleerdheid het, in oorleg met EBW en die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe, die hersiening van die kurrikula vir alle programme afgehandel. Die voorgestelde wysigings het voor die Senaat gedien en al die betrokke programme sal gefasseerd vanaf 2022 in die eerste jaar ingevoer word.

Ekonomiese en Bestuurs-wetenskappe	NG Dipl (Besigheidsbestuur en -administrasie) NG Dipl (Ontwikkelingsfinansies) NG Dipl (Toekomsstudies) NG Dipl (Projekbestuur)	Die USB het vier van hulle nagraadse diplomas herontwerp. Die bestaande programme is geherstruktureer met die oogmerk om bedryfsdoeltreffendheid te verhoog, transaksionele koste te verlaag, hulpbronne te deel en buigsaamheid te verhoog. Hierdie wysigings is vir institusionele goedkeuring voorgelê met die oog op inwerkingstelling in 2022.
	NG Dipl (Volhoubare Ontwikkeling)	Hierdie program, wat deur die Skool vir Publieke Leierskap aangebied word, is hersien om 'n hibriede leweringmodos vir die program te formaliseer. Die program het in die 20 jaar vandat dit ingestel is, verskeie vorme aangeneem, en die verskuiwing na 'n hibriede aanbod ('n vermenging van aanlyn sessies en sinchroniese sessies in persoon, sowel as asinchroniese aktiwiteite wat volledig aanlyn plaasvind), is gedryf deur die behoefte om 'n breër kennismark te bereik, veral elders op die kontinent.
Ingenieurswese	Meester in Ingenieursbestuur	Die gestruktureerde Meester in Ingenieursbestuur was verskeie jare lank dormant; die Fakulteit het dit nog nie weer aangebied sedert dit in 2012 met die HEQSR belyn is nie. Die program is nou egter hersien vir 'n hibriede leer-leweringmodos om toegang te verbreed en meer werkende gegradueerdes wat 'n agtergrond in ingenieurswese het, in staat te stel om vir die program in te skryf.
Opvoedkunde	BEd (Grondslagfase-onderwys) BEd (Intermediêre-fase-onderwys)	Die Fakulteit het die taalaanbod binne hierdie programme aangepas sodat studente kan differensieer tussen onderrig in Huistaal en Eerste Addisionele Taal in enige van die drie tale aan die US (Afrikaans, Engels en Xhosa). Hierdie wysigings is met MRTEQ (die minimumvereistes vir onderwysopleidingskwalifikasies) belyn sodat alle studente nou gesertifiseer kan word as vaardig om twee tale te onderrig (waarvan een op Huistaalvlak moet wees), en vaardig op gesprekstaaalvlak in minstens een ander taal. Die taalaanbod vir Afrikaans, Engels en Xhosa oor die vier jaar van albei hierdie programme is dus aangepas en vir institusionele goedkeuring voorgelê. Die aangepaste kurrikula sal in 2022 in werking tree.

Benewens bogenoemde aanpassings het fakulteite verskeie inisiatiewe onderneem om nuwe akademiese programme te begin ontwikkel om huidige artikulasiegapings te vul, sosiale/sektorale behoeftes aan vermoëbou in

uitgewysde sektore te vervul en/of geleenthede te skep om toegang tot hoër onderwys of verdere studies te verbreed. Die onderstaande versoeke vir nuwe programme is in 2021 voorgelê:

Fakulteit	Nuwe programme voorgelê en deur die PAK oorweeg in 2021
Opvoedkunde	Nagraadse Diploma in Wiskunde-onderrig Nagraadse Diploma in Wetenskappe-onderrig Gevorderde Sertifikaat in Naskoolverryking
Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe	Meester in die Natuurwetenskappe in Neurowetenskap Meester in die Wysbegeerte in Pediatriese Rumatologie

Hoewel eksterne goedkeurings-, akkreditasie- en registrasieprosesse vanjaar stadig gevloei het, is verskeie opwindende en innoverende nuwe programme deur die DHOO goedgekeur, deur die RHO geakkrediteer en by SAKO geregistreer.

Die onderstaande nuwe programme kan in 2022 ingestel word, en reëlins vir die invoering daarvan is alreeds onderweg:

Fakulteit	Nuut geakkrediteerde programme vir instelling in 2022
Krygskunde	Nagraadse Diploma in Militêre Reg-studies
Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe	Nagraadse Diploma in Infeksiesiektes
Natuurwetenskappe	Baccalaureus in die Natuurwetenskappe in Rekenaarwetenskap Meester in die Natuurwetenskappe in Masjienleer en Kunsmatige Intelligensie

Gehalteversekering en -verbetering

Ondanks die uitdagende tydvak het fakulteite en VS'e deur die jaar heen voortgegaan met selfevaluerings in persoon, aanlyn en in hibriede vorm. In heelwat gevalle is dit oor 'n langer tydperk as gewoonlik gedoen. Reëlins vir perseelbesoeke op kampus is

volgens veranderende grendelmaatreëls en reisregulasies aangepas.

Die Gehaltekomitee (GK) het hulle werk voortgesit met een hibriede en twee aanlyn vergaderings in die jaar, waartydens die Komitee nege opvolgverslae, drie eweknie-evaluerings en een stel nuwe selfevalueringsmaatstawwe verwerk het, soos hier onder uiteengesit.

TWEEJAARLIKSE OPVOLGVERSLAE	Datum van Gehaltekomitee
Fakulteit Ingenieurswese: eksterne professionele evaluering van BIng-programme Afdeling Studentesake (hervoorlegging) Departement Geskiedenis Departement Agronomie	26 Maart 2021
Departement Agronomie (hervoorlegging) Afdeling Studentesake Fakulteit Teologie	16 Julie 2021
Maties Sport Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap Skool vir Georuimtelike Studies	13 September 2021
SELFEVALUERING EN EWEKNIE-EVALUERING	
Kampusgesondheidsdienste Departement Bewaringsekologie en Entomologie Departement Aardwetenskappe	13 September 2021
SELFEVALUERINGSMAATSTAWWE	
Transformasiekantoor	13 September 2021


7.4.2 Studentesake

7.4.2.1 Sentrum vir Studenteleierskap, Ervaringgerigte Opvoeding en Burgerskap

Werksessiereeks oor Vaardigheidsontwerp en -assessering

Die Kokurrikulumkantoor van die SSLEOB het 'n reeks werksessies getiteld Vaardigheidsontwerp en assessering aan alle dosente, ervaringgerigte opvoeders, personeel en studente aangebied. Die werksessiereeks het intensiewe leer in vaardigheidsontwerp, implementering en assesseringstegnieke behels met die oog daarop om gegradueerdes te lewer wat in 'n VUCA-wêreld sal floreer.

7.4.3 Eenheid vir Gelykwaardigheid



7.5 Navorsing vir impak

7.5.1 Leer- en Onderrigverryking


Virtuele Seminare deur Leer- en Onderrigverryking 2021

ALOV het vanjaar die volgende virtuele seminare aangebied –

- 25 Maart – Dr Margaret Blackie – ‘Kan assessering ’n gerigtheid op die samelewing en sosiale geregtigheid aankweek, en behoort dit?’



Dr Margaret Blackie



Titelblad van ALOV se eerste seminaar in 2021.

- 13 Mei – Prof Christa van der Walt – ‘Die probleem met toetse wat binne ’n sekere tyd op ’n sekere plek afgelê word: Hoe om taal te assesseer’




Prof Christa van der Walt

- 9 September – Prof Deresh Ramjugernath – ‘Saam vorentoe in leer en onderrig aan die Universiteit Stellenbosch: Waarheen volgende?’



Prof Deresh Ramjugernath



- 21 Oktober – Dr Sonja Strydom – ‘’n Heel nuwe wêreld: Hoe om die gaping tussen kritiese digitale pedagogieë en die (nuwe) geoutomatiseerde virtuele onderrig-en-leer-omgewing te oorbrug’



Dr Sonja Strydom

Die opnames van hierdie sessies is beskikbaar by <http://www.sun.ac.za/english/learning-teaching/ctl/t-l-resources/t-l-seminars>

FINLO-befondsing (Fonds vir Innovasie en Navorsing in Leer en Onderrig)

FINLO bied dosente geleentheid om nuut-skeppend te wees, om doeltreffende praktyke en prosesse te evalueer, en om L&O-probleme, oplossings en tendense te ondersoek. Dit



UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

100
1918-2018

*saam vorentoe
masiye phambili
forward together*

(Y)our assessment matters

Scholarship of Teaching and Learning VIRTUAL CONFERENCE

Akademieskap van Onderrig en Leer VIRTUELE KONFERENSIE

Inkxaso engolwazi lokuFunda nokuFundisa INKOMFA EBANJWA NGOBUXHAKAXHAKA



8 – 10 November / Novemba 2021

bied 'n meganisme vir die verspreiding van bevindings wat ten doel het om die gehalte van onderrig en leer te verbeter.

In die eerste semester van 2021 het FINLO 15 nuwe voorstelle ter waarde van R489 200,00 ondersteun. In die tweede semester van 2021 is 'n verdere 15 nuwe FINLO-voorstelle toegestaan, ter waarde van R680 500,00. Die meeste van hierdie voorstelle was vir projekte by Ingenieurswese en die FGGW. 'n Fokus op transformasie, elektroniese leer, leer tydens die pandemie en nagraadse leer het uit die aansoeke na vore gekom. Verskeie opsommings van FINLO-projekte is vir voorlegging by die US se AvOL-konferensie aanvaar. Die FINLO-komitee het 'n nuwe samewerkende netwerk met USI gevestig, en drie projekte met implikasies vir leer wat in 'n globale netwerk

gesitueer is, het aanvullende steun vanaf USI ontvang.

AvOL-konferensie 2021 volledig aanlyn

Die 14de AvOL-konferensie aan die US het vanaf 8 tot 10 November 2021 virtueel plaasgevind – die tweede maal dat dit hierdie formaat aanneem. Die tema van die 2021-konferensie was 'Jou/Ons assessering maak saak'.

SOL het, in samewerking met ander sentrums in ALOV, die konferensie gekoördineer. Dit het 'n ruimte gebied waar akademici oor hulle unieke situasie van onderrig, leer en assessering kon besin en innoverende praktyke kon uitruil wat daaruit voortspruit. Afgevaardigdes kon hulle navorsingsbevindings en innoverende idees uitruil oor hoe om die beste onderrig, leer en assessering moontlik aan die US te lewer.


	Virtual Venue 1	Virtual Venue 2	Virtual Venue 3	Virtual Venue 4
09:00 – 11:00	Workshop 1: What drives your assessment? What are we thinking?/ how does (y)our assessment matter? Hanelie Adendorff, Charmaine van der Merwe and Anthea Jacobs (CTL)	Workshop 3: Developing your teaching portfolio: A quick-and-dirty Karin Cattell-Holden (CTL) and Guest Lecturers	Workshop 5: Enhancing Student Learning through Peer Facilitation Gert Young and Simbongile Ntwasa (CTL)	Workshop 7: Synchronous Teaching and Learning strategies for active student engagement: Navigating the digital learning space JP Bosman, Sonja Strydom, Magriet de Villiers and Elzette le Roux (CLT)
11:00 – 11:30	Tea & Coffee			
11:30 – 12:30	Workshop 1 (continued): What drives your assessment? What are we thinking?/ how does (y)our assessment matter? Hanelie Adendorff, Charmaine van der Merwe and Anthea Jacobs (CTL)	Workshop 3 (continued): Developing your teaching portfolio: A quick-and-dirty Karin Cattell-Holden (CTL) and Guest Lecturers	Workshop 5 (continued): Enhancing Student Learning through Peer Facilitation Gert Young and Simbongile Ntwasa (CTL)	Workshop 7 (continued): Synchronous Teaching and Learning strategies for active student engagement: Navigating the digital learning space JP Bosman, Sonja Strydom, Magriet de Villiers and Elzette le Roux (CLT)
12:30 – 13:30	Lunch			
13:30 – 15:30	Workshop 2: Making (y)our assessment matter – panel discussion, sharing of examples of new/ different approaches	Workshop 4: Essential building blocks for constructing a Hybrid Learning Module Miné de Klerk(CTL) Melissa van der Vyver (APQ)	Workshop 6: Redesigning assessment templates from contact to online modes: what to ask and why	Closed Session: Reserved for current participants and alumni of the SU Scholarship of Educational Leadership (SoEL) short course Nicoline Herman (CTL) and

Voorafwerksessies van die US se virtuele AvOL-konferensie, 8 November 2021

Praat, Onderrig en Leer

In aansluiting by SOL se missie om 'n denkleier oor responsiewe, innoverende en vakkundige onderrig en leer te wees, het die Sentrum kwartaallikse meningstukke aanlyn gepubliseer (hier beskikbaar: <http://www0.sun.ac.za/ctlresources/ctlblog/>). Die publikasies is daarop gemik om tot transformerende leer by te dra, en is meer as 3 500 keer gedurende 2021 oopgemaak.

Kollokwium



Jacobs, AHM, Barends, Z & Lebethe, L. 2021. *Portefeuljes as pedagogiese keuse vir assessering-as-leer: Insigte vanuit 'n opvoedingsprogram vir onderriggewers*. Stukke van die virtuele kollokwium oor assessering met behulp van digitale omgewings binne voorgaande en nagraadse moduleaanbiedings, aangebied deur die UKZN Kollege vir Menswetenskappe, 24 tot 25 Augustus 2021.

Konferensiestukke

Dullaart, G, De Lange, S, Schmutz, S & Kitshoff, D. 2021. *Kliniese en praktiese leer in die grendeltyd*. Aangebied by die virtuele konferensie van die Suider-Afrikaanse Genootskap vir Gesondheidsopvoeders (SAAHE), 23 Junie 2021.

Jacobs, AHM & Barends, Z. 2021. *'n Praktykgemeenskap om Onseker Tye en Ruimtes te Navigeer: 'n Outo-etnografiese Verslag*. Opsomming aanvaar vir die stukke van die virtuele AvOL-konferensie aangebied deur die

US, 8 tot 10 November 2021.

Krugel, M, Adendorff, H & Van der Merwe, C. 2021. *Hoe om Studente te Help om die Ingewikkeldhede van die Werkplek te Navigeer*. Opsomming aanvaar vir die stukke van die virtuele AvOL-konferensie aangebied deur die US, 8 tot 10 November 2021.

Tydskrifartikels

Herman, N, Jose, M, Katiya, M, Kemp, M, Le Roux, N, Swart-Jansen van Vuuren, C & Van der Merwe, C. 2021. 'Entering the world of academia is like starting a new life': A trio of reflections from health professionals joining academia as second career academics. *International Journal for Academic Development* 26(1), 69-81, DOI:10.1080/1360144X.2020.1784742.

7.5.2 Eenheid vir Gelykwaardigheid

Die EvG het aan die Tafelronde vir Parlementêre Voorlegging van Wetsontwerpe oor GGG, met prof Thuli Madonsela as aanbieder, deelgeneem. Verskeie sektore was by die Tafelronde betrokke – onder meer organisasies wat met GGG-kwessies werk, regskenner, akademië en belanghebbendes. Hulle het terugvoer verskaf oor die Wysigingswetsontwerp op Kriminele en Verwante Aangeleenthede, die Wysigingswetsontwerp op Huishoudelike Geweld, en die Wysigingswetsontwerp op die Wysigingswet op die Strafbereg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede).

7.6 Voorkeurwerkgewer

7.6.1 Leer- en Onderrigverryking

Opbouende en inspirerende gesprekke op Taaldag 2021

'n Geleentheid wat ten nouste met taal aan die US verband hou, is Taaldag. Dit word al om die tweede jaar gevier. Op 30 September, wat ook Internasionale Vertaaldag is, het ALOV 'n baie geslaagde en energieke aanlyn Taaldag 2021 aangebied. Dit was daarop ingestel om gedagtes uit te ruil oor die geleentheid en

moontlikhede wat meertaligheid ons bied, eerder as net oor die Taalbeleid self. Studente, akademiese personeel en PASD-personeel het positiewe en inspirerende gesprekke oor taal en meertaligheid aan die Universiteit gevoer. Die tema vir die dag was 'Taal, leer, lewe! Deurvoering van meertaligheid @US in akademiese en sosiale ruimtes'. Die tema is ondersoek by wyse van twee paneelbesprekings wat elk drie temas gedek het:

- Meertaligheid in (aangevulde afstand)leer, onderrig en assessering
 - o Assessering
 - o Aanlyn omgang (portuurleer, tutoriale)
 - o Gelyke toegang en studentesukses
- Meertaligheid in administratiewe, sosiale en leefruimtes
 - o Bevordering van 'n inklusiewe kampuskultuur deur middel van meertaligheid, en aanmoediging van betrokke burgerskap
 - o Deurvoering van innoverende taalpraktyke op kampus en in koshuise en PSO-wyke
 - o Meertaligheid en interne bedryfskommunikasie

Meer as 120 personeel en studente vanuit alle fakulteite en die PASD-omgewings het vir die geleentheid ingeskryf. Tolkling in Afrikaans en Xhosa was op afsonderlike kanale vir die gesamentlike sessies beskikbaar. In wegbreek sessies kon deelnemers transtaling of ander opsies benut. Die organiseerders se oogmerk was om te modelleer hoe taal in die daaglikse omgang op kampus funksioneer. Die deelneming tydens die geleentheid het duidelik getoon dat diegene wat dit bygewoon het,

saamstem dat dit 'n nuwe soort intensionaliteit gaan verg om die meertalige pad te volg, en dat hulle bereid is om saam te werk om dit te vermag.

Universiteitwye


#multilingualmindset-veldtog

Die Taalsentrum het met die Afdeling Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking (AKKB) saamgewerk om bewustheid van meertaligheid voor, tydens en na Taaldag te skep en sodoende die impak van die geleentheid te verbreed. Dit het heelwat uitsette opgelewer: 'n reeks van drie podsending-onderhoude oor meertaligheid, met dr Kim Wallmach (Direkteur: Taalsentrum), Sanet de Jager (tolk by die Taalsentrum) en prof Mbulungeni Madiba (Dekaan: Fakulteit Opvoedkunde); 'n reeks van vier artikels wat in Afrikaans en Engels op die US-webblad en -sosialemediakanale geplaas is en waarin positiewe narratiewe oor taal en meertaligheid ondersoek is; en 'n meningstuk wat deur Nuus24 gepubliseer is.

Die podsendinge en artikels is hier beskikbaar:

Podsendinge

1. Die meertalige ingesteldheid (onderhoud met Sanet de Jager) <https://anchor.fm/stellenbosch-university/episodes/The-multilingual-mindset-e17l83o>.
2. Die meertalige reis (onderhoud met dr Kim Wallmach) <https://anchor.fm/stellenbosch-university/episodes/The-multilingual-journey-e17pbgi>.
3. Meertalige opvoeding (onderhoud met prof Madiba Mbulungeni) <https://anchor.fm/stellenbosch-university/episodes/Multilingual-education-e17pbid>.



Nuusartikels

1. *Meertaligheid help smee nuwe bande* (onderhoud met Marcelyn Oostendorp van die Departement Taalkunde oor die module Meertaligheid in hulle honneursprogram): <https://www.sun.ac.za/english/Lists/news/DispForm.aspx?ID=8608>.
2. *'Oorlewing'-taalkursusse kweek individuele meertaligheid* (onderhoud met Helga Sykstus van die Taalsentrum se Taalleerhub, wat op die TS se taalkursusse en op meertaligheid gefokus het): <https://www.sun.ac.za/english/Lists/news/DispForm.aspx?ID=8606>.
3. *Deur nuwe tale aan te leer, smee mense vanuit verskillende kulture bande met mekaar* (onderhoud met dr Zandile Kondowe van die Taalsentrum se isiXhosa-portefeulje oor die Xhosakursus vir personeel en die terugvoer vanaf deelnemers): <http://www.sun.ac.za/english/Lists/news/DispForm.aspx?ID=2614>.
4. *Intydse aanlyn tolking bewerkstellig inklusiewe en betrokke leer* (onderhoud met Juanli Theron, Hoof: Tolkdienst by die Taalsentrum, en twee dosente wat aanlyn tolking gebruik) <https://www.sun.ac.za/english/Lists/news/DispForm.aspx?ID=8598>.

5. *Meningstuk op Nuus24 | Konteks, interpersoonlike verbondenheid en die probleem met aanlyn vertaaltoeps* (geskryf deur dr Kim Wallmach, Direkteur: Taalsentrum, en Susan Lotz, taalpraktisyn by die Taalsentrum, ter viering van Internasionale Vertaaldag) <https://www.news24.com/news24/columnists/guestcolumn/opinion-context-human-connection-and-the-issue-with-online-translation-apps-20210930>.

Taalsentrum dra tot die nuwe US Stylgids by

Die AKKB het die Taalsentrum genader om mee te werk aan die US Stylgids, wat opgestel word om die nuwe US-handelsmerk te vestig. Die Taalsentrum het vroeg in Oktober die eerste konsepweergawe van 'n gids voorgelê wat riglyne oor taalkwessies en taalgebruik aan die Universiteit bied. Dit word nou deur 'n paneel belanghebbendes vanuit die Universiteit oorweeg, waarna die Taalsentrum 'n tweede konsepweergawe sal opstel. Onderwerpe wat gedek word, is onder meer verstaanbare taal, wetenskaplike kommunikasie, konvensies vir taalgebruik aan die US, riglyne oor grammatika, punktuasie en hooflettergebruik, en praktiese wenke vir MS Word.



8. Samevatting

Die meeste hoëronderwysinstellings het dit uiters moeilik en uitdagend gevind om die tydperk van die COVID-19-pandemie te navigeer. Aspekte wat met onderrig en leer verband hou, was 'n deurslaggewende faktor wat bepaal het of 'n instelling die 2020 akademiese jaar suksesvol kon afhandel en vervolgens die 2021 akademiese jaar suksesvol kon onderneem. In albei opsigte het die US besonder goed gevaar. Dit was danksy die instelling se belegging – nie net tydens die pandemie (bv. deur ELS, die skootrekenaar-uitleenskema en die verskaffing van databundels) nie, maar sedert 'n dekade vooraf – in L&O-tegnologieë en verryking. Dit het die oorgang vanaf die tradisionele klaskamer na ERTLA en daarna ARTLA redelik naatloos en vlot laat verloop.

Die Leer en Onderrig Verantwoordelikheid-sentrum lewer 'n beduidende bydrae – deur die verskillende aktiwiteite en inisiatiewe – om die ses strategiese temas na te streef wat in die US se Strategiese Plan 2019–2024 uiteengesit word. Daarby gaan die VS strategiese prioriteite verryk en uitbrei wat nie net ons status as een van die toonaangewende leer- en onderriginstellings op die vasteland sal handhaaf nie, maar ook ons gegradueerdes positief sal differensieer.

9. Bedankings

Ek wil graag die kollegas binne die VS:L&O bedank vir hulle ontsettend harde werk. Hulle het dubbel en dwars hulle plig en meer gedoen om te verseker dat die L&O-projek aan die US op koers bly ondanks die aansienlike uitdagings wat die COVID-19-pandemie gestel het.

Ek is dankbaar teenoor my PA, Maretha Joyce, wat die verslag geredigeer en uitgelê het, asook teenoor die onderstaande persone wat tot die dokument bygedra het:

Antoinette van der Merwe, Miné de Klerk, Melanie Skead, Claudia Swart-Jansen van Vuuren, Nicoline Herman, Anthea Jacobs, Veronica Kleinsmith, Gerda Dullaart, Simbongile Ntwasa, Gert Young, Charmaine van der Merwe, Karin Cattell-Holden, Jean Farmer, Roshnique Daniels, Kim Wallmach, Susan Lotz, Rose Richards, Arné Binneman, Shannon Bishop-Swart, Marisca Coetzee, Christine Joubert, Alta van Rensburg, Helga Sykstus, Zandile Kondowe, André Müller, Allison Mllitwa, Marianne Bester, Maya Sutherland, Melissa van der Vyver, JP Bosman, Zainab Suliman, Magriet de Villiers, Morris Samuels, Jaco Greeff Brink, Nadine Christians, Choice Makhetha, Munita Dunn-Coetzee, Charl Davids, Marcia Lyner-Cleophas, Marquard Timmey, Elmien Sinclair, Pieter Kloppers, Gareth Cornelissen, Tonia Overmeyer, Heidi October, Ruth Andrews, Anele Mdepa, Khairoonisa Foflonker en Yeki Mosomothane.

VERSLAG DEUR DIE VISEREKTOR:

Leer en Onderrig

Professor Deresh Ramjugernath
November 2021